

STROOM-OP

KWARTAALBLAD VAN DIE AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL + MEISIESKOOI

3DE KWARTAAL SEPT. 1974

GELUK, MNR. ROESCH!

Maandag 9 September; Tydens die openingsfunksie in die saal het die voorsitter van die Beheerraad Ds. Henno Cronje, aangekondig dat meneer N.C. Roesch aangestel is as die vyfde hoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool. Mnr. Roesch neem oor by meneer Terblanche wat bevorder was tot Inspekteur van Onderwys.

Die Afrikaanse Hoër Seunskool is bevoorreg om 'n toegewyde beginselvaste onderwysman as leier te kry. Mnr. Roesch het hom deur die jare bewys as een van die beste Wiskunde onderwysers, en het vinnig opgang gemaak in die onderwys-geledere. Aan die begin van 1973 word hy aangestel as adjunk-hoof van hierdie skool, en maak dadelik sy merk as 'n sterk leier. In die Wiskunde klas, by die kadette, op die sportveld en in die kantoor het hy gou deel geword van hierdie skool met sy groot verdede en vele terreine waarop Affies beweeg.

Met ingang 1974 is Mnr. Roesch

aangestel as waarnemende hoof. Onder sy leiding het die skool tot dusver 'n skitterende jaar beleef, en prestasies wat moeilik geëwenaar sal word, is behaal. Sy ervaring, sy liefde vir die skool en sy toegewydheid het op ouer, onderwyser en leerling 'n groot indruk gemaak.

Die leerlinge van Affies is dankbaar om 'n leier in die persoon van meneer N.C. Roesch te kry, en ons bid hom, sy vrou en kinders die keur van God se seëninge toe vir die groot taak wat op hom wag.

Mnr. Roesch; - Affies staan agter u - RED.



Mnr. N.C. Roesch - vyfde hoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool.

DIE NUWE BAAS PRAAT

As 'n man terugkyk oor die gebeure van die afgelope jaar, besef 'n mens weereens op watter wye terrein ons leerlinge beweeg en presteer het. Wat egter die meeste tref is die trots en die samehorigheidsgevoel wat daar by elke leerling, onderwyser en oudleerling heers.

By dié geleentheid wil ek dan ook graag dankie sê aan almal wat op een of ander wyse meegehelp het om te bou aan dit wat sinvol en vir ons skool mooi en aanvaarbaar is. In dié verband 'n besondere woord van waardering aan die leerlingraad, prefekte en matrieks wat op 'n besondere wyse hulle stempel op die aktiwiteite en karakter van die skool afgedruk het.

Namens die skool sê ons aan die matrieks dankie en wens hulle sterkte toe met die voorbereiding met die eksamen. As hulle met dieselfde doelgerigheid en positiewe benadering hulle studies aanpak sal die resultaat 'n reuse sukses wees.

Ook aan die res van die skool sê ons sterkte vir die laaste skof van 1974.

MNR. N.C. ROESCH.

Die beste debat ooit!

Wat 'n gebeurtenis was dit nie! Reeds lank voor die tyd het almal gegis oor hierdie ding; het almal gewonder wat dit gaan wees. Die programmetjie het die geheimsinnigheid wat die hele besigheid omhul het, slegs verhoog. En toe, uiteindelik, die oomblik het aangebreek!

Praat ek in raaisels? Ek glo nie, want dis onwaarskynlik dat iets anders as die viering van Oupie Lewies en Oumie Sarie Kloppers se Goue Bruilof, wat op 23 Augustus 1974 in die skoolsaal van die Afrikaanse Hoër Meisieskool plaasgevind het, soveel lof kan ontvang.

Die saal was behoorlik tot oorloopenstoe vol (die eerste keer in die skool se geskiedenis?) en met afwagting het die toeskouers op die aanvang van die fees gewag, of anders gestel, die Afrikaanse Debat van die Matrieks van 1974.

Die vier speelsters wat in "Van Springs na Randfontein" opgetree het, het die toeskouers laat skaterlag en daar was selfs glimlagte op die gesigte van die suurstes van ons bure oorkant die straat, te bespeur. Bravo!

En toe - die einste Goue Bruilofviering. Onder gelag en gesels het

die gaste opgedaag en Santjie Pieters, ons pianiste, het die musiek van "Sal ons ou vriende ooit vergeet" vinnig na die steeds gewilde en moderne troumars oorgeskakel, toe Oupie en Oumie hul verskyning maak.

Nadat die kommentator, alias Ansa van Rensburg, die luisteraars welkom geheet het, het die verteenwoordigers van die drie generasies wat op die bruilof teenwoordig was, geleentheid gekry om hul sê te sê. Oupie (Rykie Marx) was baie beslis dat die vervoer in die goeie oue tyd beter is as deesdae s'n, maar die wetenskaplike van die S.N.K.R.X. (Tienkie van Bergen) se mening het verskil. Mada (Leigh de Beer) 'n vriendin van die onoortreflike Mi-Jeanie (Brümilda van Rensburg) hou meer van die moderne kuns as van die in die ou tyd, maar mnr. Kloppers (Leonie Scholtz) verkies die goeie oue tyd se kuns bo dié van deesdae. Tant Hester, (Rentia Marais), suster Anna (Cecilia Barnard) wat só geskok was oor die baie bloed in deesdae se films, het baie meer van jare gelede se vermaak gehou, terwyl Koos (Leatitia Steynberg) of liewers "Koes" die gehoor laat skaterlag het, terwyl sy (hy) verduidelik het waarom sy meer van die moderne vermaak hou. Die akademikus (Wilna Schoeman) wat selfs 'n A.H.S.-graad het, het 'n duidelike teenstelling tussen die moderne kleredrag en dié in die ou tyd weergegee.

Tussen al hierdie "geselsies" deur, het van die ander gaste vir pragtige items gesorg. Oumagrootjie (Margaret Fölscher) het "Die Ossewa" meesterlik voorgedra, maar Ina (Sonja Germishuis) se "Dis Al" was nie minder goed nie. Theresa de Villiers se moderne klavierstuk sowel as die duet, Hongaarse Rhapsodie van Liszt saam met Ansa van Rensburg, was puik. Anke Pilzweger en Reneé Pronk se moderne dans, hoewel Oupie Lewies nie so gedink het nie, was werklik goed. Die katteduet van Ansa van Rensburg en Ilesé Gevers het groot byval gevind.

Die debat het op 'n hoë noot geëindig toe die matrieks met 'n spesiaal gekomponeerde "Matrieklied" afgesluit het.

Ansa van Rensburg St. 10.

DRAKES


KERKSTRAAT OOS 326 en

PAKWELLS

STADSENTRUM PRETORIUSSTR. 274

HET ENIGE SKOOLTAS WAT U BENODIG!

TEEN BAIE BILLIKE PRYSE



VOORBEELD

PRIMÈRE SKAI LEERTAS

Leerpunte, gespes met middelsluit, vier kompartemente met metaalhoëke. Ideaal vir primêre standers.

TEEN R4,95

Leweransiers aan alle koopverenigings.

Revue '74: 'n Heldedaad!

Vrydag- en Saterdag, 12 en 13 September 1974, sal nog as een van die hoogtepunte van hierdie jaar bekend staan. Daar is weer sprekende bewys gelewer van die Affies se saamwerkentalent. Die toneelstuk, Die Held, was die somtotaal van al die deelnemers se energie en talent.

Die toneelspelers het almal besondere talent aan die dag gelê, veral persone soos L. Serfontein, H. Vermaak, L. Uys e.a. vir wie dit 'n eerste verhoogervaring was. Veels geluk!




Die stuk was mooi afgerond en alles het glad verloop. Die dekor was regtig puik. Die afrigting van die spelers het alle standarde oortref. Nadat die aanvoerwerk afgehandel was, het Mev. Bess Knipe as regisseuse en Mnr. Rabé as assistent regisseur en verhoogbestuurder oorgeneem. Onder hulle leiding kon niks skeef loop nie. Baie dankie!

Ook ons verdere dank aan Mnr. Bosman, Bahlman, Ferreira, van Staden en Mev. van Vuuren en van Rensburg vir die leeu-aandeel wat hulle in die sukses gehad het.

Die revue was net so afgerond en geslaagd, o.l.v. Mev. de Vos en Mnr. Ferreira het die koor uitmuntend vertoon. Die individuele items was van net sulke hoogstaande gehalte.

Aan al die Affies wat meegewerk het, agter die verhoog en op die verhoog self, baie dankie en... veels geluk met die reuse sukses!

Snitte uit die Revue '74. Links bo is Danie Krynaauw besig met sy trekklavier-solo. Regs bo is Louis Serfontein, wat met puik toneelspel beïndruk het. Onder links is die "Held" - Dirk Linnenkamp en sy vrou. Regs onder is 'n toneel uit die "Held".



AFFIE – UITBLINKERS

My Wetenskaplik – Georiënteerde vakansie



Theresa de Villiers wat onlangs op die Pretoriase kunswedstryd 'n groot aantal pryse vir haar klavierspel verower het. Baie geluk!

Die Pretoriase Jeugkoor

Die Pretoriase Jeugkoor wat staan onder leiding van Mej. Erica Swart, musiekinspektre van die Transvaalse Onderwysdepartement, is ongeveer drie jaar oud en bestaan uit 45 lede wat uit die Pretoriase Hoërskole kom. Vyf leerlinge van ons skool sing vanjaar in die koor. Hulle is Alida Theron, Gerda Korsten, Marie-Louise van Wingerden, Tinki Owen en Retha-Louise Malherbe.

Die oudisies word gewoonlik in September/Okttober gehou en dan begin die koor oefen vir die volgende jaar. Gedurende die Aprilvakansies gaan die koor 'n week lank op 'n kamp - gewoonlik na Sabie - waar daar baie hard (+6 uur per dag) gewerk word. Verder oefen die koor Vrydae van 3.15 tot 5.30nm. Jaarliks - gewoonlik in Augustus - gee die koor hulle groot konsert. Vanjaar se konsert is op 28 Augustus in die Musaion gehou en ons was dankbaar vir die pragtige ondersteuning van die skoolhoofde en publiek.

Die koor sing werke vanaf Palestrina tot moderne komponiste. Daar word baie gewyde musiek gesing, maar die klem val veral op ligte volksmusiek. Die koor sing onder andere Duitse, Engelse, Hollandse, Russiese, Franse, Latynse en Afrikaanse liederes.

Op Vrydag 6 September was die koor na die S.A.U.K. vir opnames wat moontlik later uitgesaai sal word om so die koor verder aan die publiek bekend te stel.

RETHA- LOUISE MALHERBE ST. 9.

**AFFIES IS
WELKOM OM
AL HUL BOEKE
EN SKRYFWARE
TE KOM
UITSOEK BY**



**BEZUIDENHOUT
SE BOEKHANDEL
MONUMENTPARK**

Gedurende die middelste week van die Julievakansie het ek die voorreg gehad om die 10de Nasionale Wetenskapweek vir die Jeug in Pretoria by te woon. Voorwaar, dit was vir my werklik 'n verrassing toe ek gehoor het dat ek onder die 108 weners is, want na afloop van die vraestel het ek nie eers die vaagste benul gekoester om een van hulle te wees nie. So, toe Mej. Holzhausen daardie afkondiging die Maandagoggend gedoen het, was ek so verbaas dat ek skaars my ore kon glo.

Wel, voor ek geweet het waar ek was, was dit die Sondagmiddag en het my oom my by Hotel Pretoria afgelaai en daar was ek tussen spanne vreemde kinders vir wie ek seker net so vreemd was. Ek was saam met twee baie aangename meisies in 'n kamer en sommer gou-gou het ons baie gelei gevoel want ons 9 meisies (daar was 9 meisies en 90 seuns) het elkeen 'n geskenkpakkie van toiletware ontvang.

Die Sondagmiddag het ons 'n kerkdien in die Sentrale Baptiste Kerk bygewoon en die tema van die preek was: "Die Wetenskap en die Godsdien". Na afloop van die diens het ons 'n kenmerk-samekoms in die kerkzaal bygewoon.

Maandag is gekenmerk deur verskeie interessante lesings oor wetenskaplike aangeleenthede. Daar is onder andere oor "Energie", "Groot Waterskemas" en "Plofstowwe" gepraat en vrae gevra. Elke spreker het die leerlinge die kans gegee om vrae aan hom te stel nadat hy sy toespraak gelewer het en glo my ons het deeglik van ons kans gebruik gemaak. Maandagmiddag het ons 'n simposium oor "Loopbane in die Ingenieurswese en die Wetenskap" bygewoon.

Dinsdag het ons die WNNR besoek. Die groot groep het in drie kleiner groepe verdeel en ons groep het die bio-mediese wetenskappe en ekologie verkies. Ons het baie interessante lesings oor die suiwering van water, slanggif en suiker gehad en na 'n heerlike middag-

ete het ons na die instansie se elektronmikroskoop gaan kyk. En is dit 'n groot en ingewikkelde affêre! Ek het nooit kon droom dat dit so gevoelig kan wees nie, want selfs 'n vlieg se oog lyk groter as 'n kerkvenster. Dinsdagmiddag het die simposium gehandel oor moderne stedelike vervoer en alles wat moontlik en onmoontlik is, is daar genoem.

Woensdagoggend het 50 van ons AE+CI se fabriek naby Modderfontein besoek. Daar word plastiek, plofstowwe en nog vele ander produkte vervaardig. Ons is in fyn besonderhede vertel en gewys hoe Perspex vervaardig word, maar vanselfsprekend kan nie dieselfde van die plofstowwe gesê word nie. Nietemin was die klein gedeelte van die plofstofafdeling wat ons besoek het, baie interessant. Woensdagmiddag is gewy aan 'n simposium oor "Elektrisiteit in die Diens van die Mens" en na afloop daarvan was baie van die jong manne begeesterd om elektriese ingenieurs te word.

Donderdag was beslis die hoogtepunt van die week. Dit was dan ook die dag waarop die helfte van ons 2 goudmyne besoek het. Onder die 50 was net 3 meisies, ons 3 kamermaats, maar wat wou! Ons gaan ook saam af in die myn-skap. Met 'n oorpak en leerbaadjie aan, dik wolkouse en swaar mynstewels aan my voete en 'n helm op my kop, wat elke keer vorentoe wil val as ek my lig aansit, het ek dit in die hysbak gewaag. Ons het afgegaan tot 4 000 voet, hysbakke verwissel en toe nog 'n verdere 3 000 voet afge-

gaan, maar glo my, daar is dit nou regtig warm. Dit was regtig uiters interessant, maar gou-gou moes ons weer boontoe, want hulle wou ons nog die slykdamme, suiweringswerke en smelterye wys. Donderdagmiddag het ons 'n geselligheid gehad by Yskorlklub. Dit het die vorm van 'n dans aangeneem en om seker te maak dat daar vir die seuns 'n meisie was, het 90 meisies van St. Mary's DSG ook die geselligheid bygewoon. Voorwaar, 'n uiters aangename aand.

Vrydagoggend het ons die Noordelike Suiweringswerke naby Krugersdorp besoek waar rioolwater vir boerderydoelindiendes gesuiwer word. Nietemin was die meeste van ons so moeg na heelwat nagte dat ons tydens ons ritte soontoe en terug geslaap het. Die middag het ons die Kamer van Mynwese en Navorsingsentrum in Johannesburg besoek en daar nog meer masjinerie gesien. Al ding was dat ek teen daardie tyd al amper 'n oordosis van masjinerie gehad het.

Op Johannesburgstasie het ons ons vriende wat van ver gekom het, gegroet en net 'n handjievol van ons is toe terug Pretoria toe. Dit was werklik 'n ondervinding duisend en ek sal almal wat die geleentheid het om so 'n week by te woon sowaar aanraai om die geleentheid nie verby te laat gaan nie.

**Wilna Schoeman
Standerd 10A**

KOSHUIS- STERRE!

Moet nooit die Koshuis se talent onderskat nie, ons het "sterre" op elke gebied!

Ons netbalspeelster is Nelia wat nou Noord-Transvaal gekry het en daarby het sy ook vir Joep wat weer 'n Noord-Transvaal rugbyspeler is.

Sandra de Wet spring vir ons hoog en Leonie Gouws is die meisie met die "krag" wat al in Lourenco Marques teen die Portugese gaan gewigstoot het.

Selfs op perdrygebied bly ons nie agter nie, want ons kan spog met 'n hele paar ruiters en ons drie knap ruiters hier is Carma Freyer, Louise Barnard en Amanda Swart.

Moet ook nie ons langasems vergeet nie, want alhoewel ons baie brood, piesangs en poeding eet, bly ons darem fiks. Nadia Marais is hier op die voerpunt.

Natuurlik moet ons ons knap hokkiespeelster Frieda Freyer wat Noord-Transvaalhokkie gekry het ook tot die sterre voeg.

Martie Jordaan is ons Tennispeelster!

Op redenaarsgebied presteer ons ook. Ons doen nie net sport nie! Rykie Marx en Susan Brink verteenwoordig ons op hierdie gebied.

So is daar nog baie meer "Sterre" in die koshuis soos byvoorbeeld ons standerd nege toneelspeelsters. Ek wil egter net noem dat ons pianiste ook het. Hier is die standerd sessie, Onelia Grobler somer 'n baie groot ster!

Op die pas afgelope Kunswedstryd het ons ook baie talent ontdek, soos - Onelia Grobler (klavier), Gerda Ueckermann (sang), Odé Rtief (voordrag) en Petro Schoeman (voordrag).

Laastens moet die talente wat op 29 Mei met Sunshoër se Boeresport ontdek is, nie vergeet word nie!!

**Marinda Kruger
Standerd 10C**

MATRIEKS '74

*Nil desperandum!
Dis tog moontlik!! (maar waarskynlik???)*



'n Affie-reus: Louis-Martin Rossouw

Affies was bevoorreg om hierdie jaar gelei te word deur een van die veelsydigste leerlinge wat nog op ons skoolbanke gesit het. Louis-Martin Rossouw het as leier, akademikus, sportman en mens diep spore getrap in die vyf jaar wat hy verbonde was aan hierdie skool.


Sy rugbyloopbaan is bekend aan almal, en lees soos 'n sprokie: Hy behaal eers die N.Tvl. Laerskoolspan, daarna N.Tvl. se 0/15 span, en span die kroon op hierdie prestasies deur vanjaar gekies te word as kaptein van N.Tvl. se Hoërskole-span.

Hy blink ook uit in krieket en atletiek en word hierdie jaar as atletiek-kaptein gekies. Op al hierdie gebiede het L.M. sy sterk leierseienskappe getoon en het hy waardige leiding gegee.

L.M. se gewildheid as leier word beklemtoon deur die feit dat hy sy hele skoolloopbaan op die leerlingraad gedien het. In St. 9 tree hy sterk op die voorgrond as leier

en word gekies as sekretaris van die stokperdjieskou se reëlingskomitee en dien hy ook op die matriekafskiedkomitee. In albei hierdie take het hy aan almal getoon dat hy 'n waardige leier is. Hy toon ook sy slag om te redeneer en wen die Engelse redenaarskompetisie.

Toe hy aan die begin van die jaar die groot en belangrike taak as hoofseun opgelê is, het niemand vir een oomblik getwyfel aan sy vermoë om hierdie taak met lof en onderskeiding deur te voer nie. Dit het hy dan ook gedoen, en selfs baie meer. Die werk wat hy in hierdie hoedanigheid gedoen het kan nooit werklik bepaal



L.M. Rossouw, hoofseun, wat ook die skitterende rekord hou om nog die meeste wedstryde in die geskiedenis vir Affies se eerste span te speel, nl. 56 westryde.

word nie, en ons kan L.M. slegs huldig en bedank vir een van die beste Affiestandaard jare.

Deur alles het L.M. steeds vir ons 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel op alle gebiede. Ons waardeer almal sy simpatieke leiding, sy beginselvastheid, sy vriendelikheid, sy netheid en sy persoonlike voorbeeld as gelowige christelike jongman.

Die Redaksie wil L.M. ook langs hierdie weg voorspoed en sukses toewens in sy verdere studies in die tandheelkunde. Ons glo en vertrou dat dit daar ook net so goed soos altyd sal gaan.

Affies sê dankie aan 'n groot leier.

MNR. TERBLANCHE BEVORDER

Die Direkteur van Onderwys het onlangs bekend gemaak dat Mnr. J.D.V. Terblanche, oud-hoof van Affies, en tans inspekteur van onderwys, met ingang 1 Januarie 1975, bevorder is tot Rektor van die Pretoriase Onderwyskollege.

Dit is 'n welverdiende prestasie, en die Affies het rede om trots te wees op hierdie oud-hoof van ons. Mnr. Terblanche is nog steeds 'n ouer van ons skool, en word gereeld by sportbyeenkomste gesien. Gedurende die tydperk wat hy hoof was van ons skool, het hy die skool tot talle hoogtepunte gevoer, en was veral bekend vir sy lewendige belangstelling in jongmense.

STROOMOP wil Mnr. Terblanche voorspoed toewens in die nuwe betrekking wat hy gaan bekleed, en die hoop uitspreek dat hy die onderwys nog tot groot hoogtes sal voer.



Mnr. J.D.V. Terblanche - Nuwe Rektor van Normaalskool.

KAMPIOEN-KLASSE

Die leerlingraad het verlede kwartaal besluit om 'n trofee kwartaaliks uit te loof vir die klas met die beste algemene gees.

'n Geskikte trofee is gevind in die vorm van 'n ou trofee wat in die veertigerjare by die huissportbyeenkomst gebruik is. Dié trofee van tambotiehout, wat op 'n voetstuk van stinkhout gemonteer is, is in die vorm van 'n skoolwapen.

Die trofee sal, soos gesê, kwartaaliks deur die leerlingraad uitgelooft word vir die klas wat die hoogste punte behaal op die klasstatistieke. Hierdie statistieke word opgestel o.a. oor skoolbesoek, bywoning by alle byeenkomste, ens. Die wenners van die eerste kwartaal was St. 10-8 en die huidige houers is St. 6-B. Die trofee word gedurende die kwartaal in die biblioteek uitgestal.

Die bewys van alle bewyse! AFFIES IS DIE ELITE SKOOL

'n Besondere groot gedeelte van Suid-Afrika se blanke elite word deur nie meer as 20 skole in die Republiek opgelewer nie. Dit is die bevinding van die vier skrywers van 'n boek wat handel oor Suid-Afrika se blanke elite.

Van hierdie 20 hoërskole is 12 Engelse hoërskole. Die oorblywende 8 skole is dubbelmedium of net Afrikaans. Die hiërargiese volgorde van laasgenoemde groep skole is Grey Kollege in Bloemfontein, Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria, Paul Roos Gymnasium in Stellenbosch, Seuns Hoërskool in Wellington, en Gim-

nasium in die Paarl en Jan van Riebeeck Hoërskool in Kaapstad.

Die besondere prestasie wat ons skool behaal het om onder die voorstes in die land gereken te word, word verder aangevul deur die volgende feite:

1. Ons skool beklee die eerste plek van alle suiwer Afrikaanse skole in die Republiek.
2. Affies is die enigste Afrikaanse skool in Transvaal wat 'n posisie behaal het.
3. In vergelyking met die ander skole wat ook posisies behaal het, is Affies betreklik jonk. (Onder die groep is daar skole wat 100 jaar en ouer is terwyl ons maar 54 jaar

is). Is dit nie 'n prestasie waaroor elkeen van ons Affies trots behoort te voel nie? Meer nog, is dit nie 'n prestasie wat elkeen van ons moet probeer nastreef nie? "Wat jy saai sal jy maai" - dus, as jy jouself vir hierdie skool gee, sal jy dit mildelik is jou naskoolsejare terugontvang. Kom ons probeer ... **AFFIES BO!**



Die leiers van die wenklasse van die geestrofee. V.l.n.r. Piet Nel (Klaskapt. 10-8) André Coetzee (O/Klaskapt. 10-8) en Robert Graham (Klaskapt. 6B). Op die voorgrond is dié trofee.

DIE TOETS VAN ONS GELOOF

Gedurende die afgelope langaweek wat gestrek het vanaf 30 Augustus tot 2 September het die Afrikaanse C.S.V. 'n "tweejaarlikse streekkonferensie" aangebied by Die Hoekie buite Pretoria.

Die Afrikaanse Hoër Seunskool was op hierdie konferensie verteenwoordig deur vier van sy leerlinge. Soos alreeds vermeld was die tema: "Die toets van ons geloof" met die hoofspreek Dr. A.P. Treurnicht.

Met die aankoms by die Hoekie was daar 'n kort verwelkoming wat opgevolg is deur 'n filmvertoning, en aangesien dit al na die aand se kant toe gestaan het, is ons almal ná die filmvertoning na ons rondawels waar ons tot die volgende oggend horisontaal verkeer het.

Saterdagoggend het Dr. A.P. Treurnicht die Bybelstudie gelei wat gebaseer was op Ps. 73 Vir die wat die lewe ligtelik opneem was die middag oop vir ontspanning, wat georganiseerde spele ingesluit het. In die aand is die program opgevolg deur 'n praatjie wat gehandel het oor "Ons Vereniging en sy werksaamhede"

met die spreker Jana Smit en Nico Loubser, wat as skakelbeampes van die A.C.S.V. optree.

Sondag se program is begin deur 'n biduur wat opgevolg is met 'n "Oggenddiens" wat gelei is deur Dr. Treurnicht.

Die middag het Dr. Treurnicht sy bybelstudie voortgesit.

Sondagmiddag het Ds. P.E.S. Smith, Algemene Sendingsekreteraris van die Ned. Geref. Kerk ons toegesprek oor die volgende onderwerp "Die sending 'n uitdaging vir die Jeug". Daarna is die afsluitingsbiduur en boodskap gelei deur Dr. Treurnicht.

Maandagoggend 8 vm. het ons weereens op Pretoria-stasie gearriveer, maar hierdie keer om uitmekaar te gaan van waar ons gekom het. Toe ons daar op die stasie uitmekaar gaan was die konferensie vir ons as groep iets van die verlede, maar as individue sal dit altyd in ons bly voortleef, want elkeen wat hierdie konferensie bygewoon het, het iets ontvang, iets wat hy met hom kan saamneem in lengte van dae, en laastens iets wat sy geestelike lewe ryker gemaak het.

T. ODENDAAL.

MY MA KOOP ONS GORDYNE BY

OLINCO

WANT HULLE BIED:

- Gratis kwotasies
- Gordyne gratis gemeet

gemaak
gepas en
gehang.

WAARVOOR DUURDER BETAAL?

- Kantgordyne teen billikste pryse;
- Vervaardig van slegs die beste ingevoerde en
- Plaaslike materiale
- Kleurvas, drupdroog, geen gestryk —
- In alle kleure en ontwerpe.

Kom kies uit 'n groot
verskeidenheid, puik
gehalte gordyne

Verkrygbaar te: **Olinco**

4 WINKELS

Andriessstraat 315,
STAD.

Esselenstraat 340,
(h/v Bourkestr.)
SUNNYSIDE.

Michael Brinkstr.
(h/v Voortrekkerstr.)
GEZINA



Pretoriusstraat 266,
Meentgebou
Tel. 20981

GAZANIAS

Brilliant Gazanias open in the heat of the sun
Proudly tossing their little heads - all for fun
Tossing their little heads in the breeze
Like a filly his mane when he is not at ease
Gazanias, your beauty can't be bought with money
Although many would give all they have- funny!
Little Gazanias, the colour of the sun
Oh, what would I give to have all your fun!
Without any problems you stand
Proudly and grand
With the little ring of brown
Round the middle - like a crown
Oh dear, how I wish I were you
'Cause I feel so very, very blue.

Henriëtte Grobler St 9 A

SUIDWES

Velde, velde, velde omheen
Velde van sout, sand en steen
Stygend, dalend, myle aaneen
Velde, velde, velde omheen.
Fyn en klein sit 'n blommetjie daar
En trek 'n paar goggatjies skugter 'n laer
Versigtig loer 'n gesiggie na buite
Skugter en bang tussen rooibruin kluite.
'n Springbok spring met sierlike prag
En alles om ons heen wag
Die son sink weg in sy duistere graf
Alles stil en rustig - Dis nag.

RIANA STEYNBERG 8C

MY HUT

Deep inside myself I found a hut.
It is mine, just mine.
It has a simple garden where dreams are growing,
every day more, more out into space.
My hut has a golden door
The glimmer disappears. It is dark, cold . . .
I am inside the hut
I am scared
I am lonely
I don't want to open my door
I don't want to be hurt any more . . .
I am sitting in the dark
I am nearly lost in the dark
But I don't want to be hurt any more . . .

"Lillebeth" (9B)

trane

Druppeltjies water diep uit 'n hart
Ronde druppeltjies gevul met smart
Klein nat spoortjies oor jou wange
Klein nat voetstappies van verlange.
Dis 'n stortvloed wat in jou breek
Op die lewe wil jy jou wreek
Styf opgekrul onder die kombes
Probeer om op jou tande te kners.
Die trane droog op
'n Nat kussing bly oor
'n Laaste sidderende ruk
'n Droë snik.

RIANA STEYNBERG 8c

ALLEEN

Daar langs die pad slof hy voort,
hy is een van sy eie soort,
eensaam en alleen in homself gekeer,
so gaan hy sy lewe deur.
Sy baard is al lank,
sy voete seer, hy loop al mank,
Sy baadjie is stukkend en gelap
sy skouers vooroor, sy arms slap.
Sy oë weerspieël die eensaamheid
as hy oor die velde staar, ver en wyd.
Waarheen sou hy nou gaan?
Weg van mense trots en waan
daar waar niemand spot en lag
daar waar vrede en rus is, elke dag!

Suna Steyn
Standaard 10C

TIME

What is time?
A never-stopping-keep-on-going thing.
We wish it were Friday
We are going to the "Braukeller"
We wish it is Saturday
We are going to the dance.
Where is Friday?
Where is Saturday?
It is yesterday
And the day before yesterday.

A new day has broken -
We are in the flood
Rushing on
Never stopping
Never thinking back
Always forward.

The fabulous Fridays and Saturdays are gone
Forever
You will never have them back again
You may have sweet memories
Maybe it was a disappointment
Try to remember or . . .
Forget.

"Lillebeth" (9B)

BUT

I walk to you
You smile but turn your back
I say goodbye but
suppress the words: come back
I turn to my friend, they smile but
I see the sympathy in their eyes.
My voice sounds glad but
my heart cries another tune.
My eyes are shining but
when you look deep inside, you'll find an empty well.
My nose is reaching for the sky but
under the table my fingers are playing naughts and crosses.
I try not to care but
you are irreplaceable.

Time will pass
Life will grow
Today will be yesterday
Tomorrow will be today
Someone new will come in my way but
he won't be the same.

"Me" Std. 9.

I WISH . . .

I wish I were a Flamingo
I wish I were a Crane
I wish I could fly
High up in the sky
leaving my problems behind me.
I wish I were a Flamingo
I wish I were a Crane
I wish I could stand
Without help of hand
On my one leg - dreaming
I wish I were a Flamingo
I wish I were a Crane
I wish I could sing
Like those with a wing
Without a false note ever.

Henriëtte Grobler St. 9A

'N BEROEP OP ALLE
VERANTWOORDELIKE
VOLWASSENES
VAN MÔRE"

Kom ons hardloop
sorg'loos deur die veld
kom ons lag
vry en ongedwonge
kom ons verlustig ons
in die sonsondergang
kom ons hou
die onskuld
in ons oë
kom ons droom . . .
solank ons nog kan . . .

"Kuiken"

Ansa en Wena met 'n lied in
die hart.O
S
J
O
N
G
D
I
G
T
E
R
E
S
S
E
A
N
D
I
E
W
O
O
R
D

MY VENSTER

My venster is 'n prenteboek
waardeer die bonte lewe gaan
met elke uur 'n nuwe prent
'n nuwe lag, 'n nuwe traan
'n Kind speel sorgvry op die straat
'n ou mens dra sy sorg saam
Die motors jaag met dolle vaart
bly net 'n oomblik in die raam
Daar's nuwe blare aan die boom
Dis lentetyd, dis blommetyd
Die blomme kabbel in die wind
Dan lok weer vlaktes vier en wyd
My venster is 'n prenteboek
Die lewe keer die blaai om
En elke blad is nuut en mooi
As weer 'n nuwe môre kom
St. 8A

DIE DUIWE

Nou staan ek in die
troebel lig
halflied van 'n
wintersdag
en ek huil teen
die koue wind
my oë sterf
toe die eerste duiwe
in die vae gryns tuimel
my mond 'n bloedvlek
in die wit

Ek staan teen die muur
En toe die eerste skote val
is my hart
'n duif wat
op die dooie gras spartel.

LIANDA BEYERS 8F

DIE BLOM

Ek het 'n bloedrooi blom
gepluk
diep in die goue hart gekyk
en dit gehou
vas teen my bors gedruk
maar nou het al die trots
uit die tenger
blare gebloei
en hang die rooi
slap en weerloos oor my hand
en ek voel die lewe
in my hart verdof
tot ek wit en koud
my hoof laat sak
en duisend maal
in my menswees sterf.

LIANDA BEYERS 8 F.

OUR WORLD

We are living on this piece of mud,
Where some are crawling deeper
Down in the fusty decay.
Some who are trapped in the vampire's net
Reach out their hands for help, mercy and a chance.
We close our eyes
We walk on the other side
There is no place for them here.
They must stay where they are.
Some are living on the surface of the mud.
They are satisfied
They need just the bread they eat
The money to pay their taxes
They strive after a higher level in the mud
They do nothing to reach it.
Some are growing out of the mud,
out into space.
They pass the moon
They want to reach the sun
They bump their heads
Against Zeus' chastising forefinger
They fall . . .
They grab the hands of the inhabitants
Of the surface of the mud.
It is hopeless
They are falling deeper
And land with those
They refused to help yesterday.

"Lillebeth" (9B)

YOU

You are six feet
I don't know how many metres
You are slender
I can't say that of myself
Your hair is a special, beautiful brown
I can't believe you are mad about my red head
Your eyes are greenish-brown
The same as mine!
You have a few freckles on your nose
I have a million more
You are full of laughter
I couldn't get mad at you!

"Lillebeth" (9B)

NEEM MY WEG

Sleur my weg van hier o, storm see,
weg, met jou woeste branders mee,
maal en skud my rond in jou branders hoog,
weg na 'n land waar trane opdroog.
Ja daar waar alles vreugde is,
daar waar niks is van die wêreldse smart,
sodat ek vrede kan vind in my hart.
Ag as ek die seer net weg kan dwing
en 'n nuwe lewe kan begin.

Suna Steyn
Standaard 10C

FORUM '74

DINK EERS!

Enige regdenkende mens sal verandering toelaat, mits dit verandering ten goede is. Verandering van Affies se tradisionele streepbaadjie na 'n effe-kleurige baadjie sal nie 'n verandering ten goede wees nie.

Min skole spog met 'n tradisie soortgelyk aan dié van Affies. In die 54 jaar wat ons skool reeds bestaan, het die streep-baadjie al simbool geword van alles waarvoor Afrikaans Hoër Seunskool staan en van dit wat ons reeds bereik het. Moet relatief klein probleme nou veroorsaak dat hierdie tradisie, wat deur swoeg en sweet van vele geslagte daar gestel is, nou deur een kortstondige besluit omver gegooi word?

Daar word gesê dat effe-kleurige baadjies meer in die mode is. Toegege, maar dit sal mos onrealisties wees as skooldrag elke keer saam met die mode moet verander. Verder kan enige skool in die mode wees, maar nie enige skool het tradisie nie. Dit is ook die neiging om vandag by al die skole baadjies te verander na effekleurige baadjies. Die gevolg is dat daat oor 'n paar jaar slegs 'n paar basiese kleure baadjies sal wees, en dan sal ons skool gladnie meer bo ander skole uitgeken word nie. Skooltrots en identiteit sal daardeur verlore gaan.

Daar word gesê dat byeenkomste beter bygewoon sal word met die nuwe baadjies. Dit is onsin, want dit is statisties bewys dat toe ons geleentheid gehad het om Affie-hempies en ontspanningsdrag na byeenkomste aan te trek, daar geen verbetering in getalle was nie.

Verder dra die argument dat effekleurige baadjies na skool nog gedra kan word geen water nie, omdat dit dan gewoonlik te oud of te klein is, en buitendien sal dit nooit in die praktyk so werk nie. Leerling is dan aan ander instansies verbonde en hulle basiese loyaliteite lê by die nuwe inrigting.

Nee wat, kom ons bepaal ons aandag liewers by sake wat tot uitbouing van die skool sal strek, nie by verandering sonder motiveering nie. Dit is die plig van elke persoon wat die belange van hierdie skool op die hart dra om te veg vir die behoud van dit wat ons eie is.

**CHRIS FISMER:
REDAKTEUR.**

Sprekers

DIE REDAKTEUR; - Graag wil ek my mening lig ontrent sprekers by ons skool. Dit is goed dat mens 'n groot verskeidenheid van sprekers op Woensdae het, maar ek dink dat meer bekende persone die gewenste uitwerking sal hê. Neem maar vir Mnr. Heelal (Mnr. Katz). Al die leerlinge het uitgesien na sy koms. Neem vir Piet Greyling. Die hele saal het geruis toe die leerlinge hulle gunsteling springbok flank op die verhoog sien. Dit is wel so dat mens die akademiese sy van die saak ook moet insien, maar ek dink daar word te veel van gebruik gemaak. Gee vir ons jongmense wat reeds iets bereik het, dit is waarna ons wil luister.

REDENAAR.

Maak reg!

DIE REDAKTEUR:-

Affies vertoon beslis as een van die beste skole in die land na buite, maar wat word vir ons Affies gedoen om ons werklik trots en tradisiebewus te maak? Behalwe vir ons goeie gees wat vanuit onself kom, word daar maar bitter min gedoen. Ek noem 'n paar voorbeelde.

Ons saal, waarin ons drie keer per week bymekaar kom is absoluut onpersoonlik. Die skoolwapen bo die verhoog is verouderd en lyk meer na 'n dooie geraamte. Vanaf die verhoog vertoon die saal heelwat beter a.g.v. die skildery en foto van ons Staatspresident; asook die kleurvenster. Tog is dit weer blykbaar net vir buitestaanders. Al wat ons as leerlinge sien is 'n kaal wapen en grys mure waarvan die verf afdop.

Tweedens mag ons slegs die baie sport-trofeë aanskou na drie oortredings in die strafregister. Eenkant in 'n hoek van die kantoor is ons hardverdiende trofeë weggesteek. Slegs hooggeplaaste besoekers kan hierdie trots in gemak aanskou.

Die laaste voorbeeld is ons ererol vir akademiese prestasies. Ons het tog sekerlik nie laas in 1971 leerlinge gehad wat meer as 3

onderskeidings behaal het nie!

Ek kan nie sien dat dit 'n aansporing vir iemand kan wees om op die ererol te verskyn as hy besef dat sy naam miskien eers oor 5 jaar sal verskyn.

Ek wil nie net afbreek nie maar stel voor dat on 'n plek inruim waar ons as leerlinge kan besef wat ons skool behaal het en so 'n nuwe trots op ons skool ontwikkel.

'N SENIOR AFFIE.

Motorfiets veilig?

DIE REDAKTEUR; - Na aanleiding van die STROOMOP van Maart 1974, net die volgende. Heeltemal tereg, die verkeersveiligheidsvraagstuk is besig om groter en groter te word, en dat die besig is om te ontaard sal ek ook nie bestry nie.

Waarom egter hierdie kritiek spesifiek teen 'n motorfietsryer? Het u geweet dat 69% van alle motorfietsongelukke veroorsaak word deur motoriste wat dit eensins nodig ag om 'n motorfiets te konsidereer nie? Skokkend - is dit nie?! Motorfiets word as indringers op die pad beskou terwyl elke motorfiets in besit van 'n derdeparty en lisensie is.


Na 'n noukeurige ondersoek bevind ek verder dat u statistieke heeltemal onwaar is. As voorbeeld wil ek net noem dat ek slegs van een leerling weet wat met 'n 750 cc. motorfiets by die skool opgedaag het.

As u dan so teen motorfiets gekant is, waarom 'n halwe bladsy aan 'n advertensie van motorfiets beste in dieselfde uitgawe van kritiek teen motorfiets?

Veder wil ek ook net noem dat, na aanleiding van die 28 Junie uitgawe, ek nie kan sien hoe 'n motorfiets 'n persoon se karakter kan beïnvloed nie. Ek kan nie sien dat ons hoofseun enigins 'n karakterverandering ondergaan het sedert hy sy motorfiets aangeskaf het nie.

Nee wat, ek stem beslis nie saam met u nie. Volgens statistiek word 20% meer persone met motors (persentasie gewys) sonder bestuurslisensies beboet as in die geval met motorfiets.

KAPOKHAANE!?



Daar word beweer dat verskeie onderwysers in hulle jongdae geboks het. Miskien moet Affies 'n kapokgewig boksklub stig.

BRIEWE

Massa verveling

DIE REDAKTEUR; - Ek wil graag 'n sakkie aanroer wat die meeste van ons Affies grief naamlik die "jaarlikse" vervelende, sieldodende massavertoning.

In 1972 toe daar 'n massavertoning met fakkels gehou is, is daar aan ons belowe dat dit die laaste sou wees. In 1973 het die storie hom herhaal en nou lyk dit vir my asof dit weer gaan gebeur. Nou is dit skielik glo 'n tradisie.

'n Mens wonder watter nut 'n massavertoning werklik het as 'n mens dink aan die harde voorbereiding een-en-'n-halwe kwartaal voor die vertoning om dan net vir min of meer vyftien minute 'n paar ritmiese bewegings op die veld te gaan uitvoer. Ons kosbare L.O. periodes word vir die oefening gebruik. L.O. periodes is immers ingestel om leerlinge fiks te maak en ek is seker 'n mens word nie 'n greintjie fiks deur die oefeninge wat ons vir die vertoning doen. Die naam kan dus verander word na massavertoningperiodes of iets dergelyks want L.O. periodes dien nie meer hul doel nie. Ons swembad en gimnastiek apparaat word nooit meer gebruik nie.

ONTEVREDE 9-1.

Bewaar dit!

DIE REDAKTEUR; - Graag wil ek hierdie spasie gebruik om 'n swaar las van my skouers te lig en sodoende dalk aan 'n nuwe tradisie gestalte te gee.

Al die jare was ek oortuig dat alle nuusbrokkies oor ons skool sorgvuldig bewaar word vir die komende geslagte. Tot my skok moes ek uitvind dat dit nie so is nie.

Kan dit nie asseblief dalk een van die pligte van biblioteek-prefekte word om/nuus oor ons skool uit koerante te knip en in 'n boek te plak nie. Teen die einde van elke jaar kan so 'n boek dan trots die doen en late van ons skool wat nuuswaardig was, aanbied. Teen die tyd wat ons nageslag die skool besoek kan daar dan opgelees word oor 1974 en 1975 ens. se gebeure.

M. PRETORIUS, 10-3

Hoekom?

DIE REDAKTEUR: - Ek sou graag 'n vraag wou vra, wat ek seker is ek namens die hele St. 9 klas vra, nl. waarom die boek "Bosman at his best" teruggetrek is as voorgeskrewe boek vir St. 9. Die klag dat daar growwe woorde in verskyn is nie vir my voldoende nie want ek is daarvan oortuig dat enige persoon al daardie woorde in die daaglikse gehoor het, maar bowenal is die standaard van die boek van so 'n hoë literêre gehalte dat so 'n nietige verskoning nie gebruik kan word om die terugtrekking te regverdig nie.

Laastens; Bosman het nie die woorde gebruik bloot omdat dit grof is nie, maar omdat dit tipies is van die karakters wat hy skets en uitbeeld.

Dankie vir u kennisname.
FANIE 9-2

REDAKSIE

HOOF-REDAKTEUR:

Chris Fismer.

SUB-REDAKTEURS:

J. Bakkes (Sosiaal)

P. Uys (Sport)

K. Teichert (Fotografie)

S.A. de Kock (Administrasie)

VERSLAGGEWERS:

G. van den Heever

F. Pienaar

H. van Rooyen

S. Bekker

S. Burger

D. Theron

L. Duncker

E. Deetlefs

C. Neethling

J. Marais

FOTOGRAWE:

H. Brönn

S. Brönn

E. Verwey

ADMINISTRASIE:

A. Schoombee

W. Bezuidenhout

D. Putter

E. Knobel

KUNSTENAARS:

A. Meiring

I. Mitton

M. Pretorius

DIE REDAKTEUR: - Deesdae se mense veroordeel die hedendaagse jeug te gou. Ons hare is te lank, ons klere te uitspattig, ons gewontes te modern. Dwelmiddels was net so 'n groot probleem in verhouding van verbruikers tot bevolking gedurende die dertigerjare as nou. Die meeste alkoholiste is van die ouer geslag. Die wat die land beskerm en opbou is die jeug.

Ons musiek is nie reg nie, sê die ouer garde. Dis 'n bouse, sataniese geblê uit die kommunistiese hel. As mens egter die musiekgroeppe mooi en objektief beskou, sal jy vind dat baie van die liedjies Christelik en filosofies van aard is. Dis ook musiek in die ware sin van die woord, waar die spelers volkome saam moet speel. Elke liedjie moet gekomponeer en verwerk word. Die woorde moet uitgedink en ingepas word. Alles vat baie tyd en moeite. Ek noem bv. Sabbath, Bloody Sabbath, van Black Sabbath wat nege maande geneem het om te maak. Onder die musiek waarvan ek praat word die L.M. Radio se "musiek" uitgesluit. Sommige van vandag se teoloë en ander persone soek net die swak in die musiek, omdat hulle alles waarvan die jeug hou en wat anders is as die gevestigde lewenspatroon van hulle tyd, veroordeel en afkeur. Ek is seker daar is meer liedjies met mooi en Christelike woorde as met woorde wat oor dwelms en seks handel.

JETHRO TULL.

„NORMA“ – AFFIES GAAN OPERA TOE

Die Aula - Dinsdagaand 6 Augustus. Ons het om verskillende redes gegaan - party het 'n verskoning gesoek om nie huiswerk te doen nie, ander het gegaan omdat hulle regtig wou. Maar wat ook al die rede was - ons het dit almal geniet.

Kan dit wees omdat ons nie juis gegaan het om die "prestige waarde" daaraan verbonde, óf om ons modeskeppings te vertoon aan Mevrou Doktor So-en-So en Professor Die-en-Dat nie? Ons was almal geklee in skool uniforms, ons was almal skoolkinders en ons het bloedweinig omgee vir "Kultuurbewustheid". Nieteenstaande of daarom het ons in ademlose bewondering na die pragtige aanbieding geluister. En raai, ons het die aand oorleef, sonder om die hele tyd met fladerende waaertjies te vroetel.

Norma was 'n opera uit die boonste rakke. Die décor was kunstig, die sangers oortuigend en suiwer. Die baie moeilike en veel-eisende opera van Bellini is suksesvol aangebied. Dit is vir die eerste maal in Suid-Afrika opgevoer.

Ons het ons ingeleef in die opera, verlief geraak op die Romeinse man van Norma, ons weereens vergewis van die pragtige stem van Nellie en huis toe gegaan sonder om onvergenoegd te voel omdat Professor Watsenaam se gade ons nie gegroet het nie.

UIT DIE DAGBOEK VAN 'N RUGBYGEESDRIFTIGE

TOM NAUDÉ VERSUS AFFIES

Dit is 11 vm. Saterdag 20 April 1974. Die Tom Naudé-Botterkanonnetjies warrel die arena soos herfsblare binne.

Ons wag in spanning. 'n Indian Love Call klink uit die vertes op. Leader of the Pack gons te voorskyn. Kort op sy hakke volg die res van die manskappe. 'n Skeidsregter kruie traag agterna. Die Geles skop af, en Joepie-hulle klim met alle mag en krag in. Nelia het moeite met haar emosies, en verloor alle selfbeheersing. Ons ondersteun haar heelhartig. Wieletjies spin soos 'n tol in die rondte. L.M. raap die twisappel op, trek sy kop tussen sy skouers en draf gate in die linies; die Botterkanonne smelt weg in die hitte van die stryd. Op die paviljoen rook die veterane van ouds dat dit 'n naarheid is. Deetlefs hardloop hom mal al langs die kantlyn op en Steyn weet dat hy keer vir sy eer daar agter langs. Half-tyd kom en gaan met slegs die waai van lemoenskilte as aanduiding daarvan. L.M. kom weer mooi op dreef en Affies word die trotse eienaar van nog 7 punte. Die spel raak redelik stereotiep met 'n skraltende 4 punte aan die kant van die Tommies. Skielik is daar 'n opkikkering aan die kant van Affies; op die Tommies se halflyn kry Joep en Sias lewe. Fluks kom Albie uit die losgemaal, en soos jy sê mes, sny hy 'n lyn doelpale toe. Daar is selfs nog tyd om 'n bietjie gek te skeer met die Tommie wat toe uiteindelik net lug hap en toe moedeloos gaan lê. Neels word koshuis toe gedra.

Die eindfluitjie weerklink soos die angskreet van die wit hings. Almal koop roomys en almal wens almal onnodig geluk, maar darem in goeie gees. Die gemeenskap verdaag, maar die lug is dik van 'n welverdiende oorwinning. ± 29-10.

Die Affelienas sê: Baie geluk broers.
St. 10A

BERGKLIMTOER JULIE 1974

**Aanstap moeës
Die pad is lank en swaar
Die ander trek al dáár
En jy's lankal poegaai en klaai
O! laat julle arms swaai, swaai
O! laat julle arms swaai
Wieg daai moeë rûe fraai
En ... laat wiel daar voor om die draai!**

**Dit was héérlik gewees!
Moeg, met seer beblaasde voete
en 'n yskoue nag agter die rug
het ons elke dag se tog met nuwe moed en vreugde aangepak.**

Na baie deeglike en sorgvuldige voorbereiding het 'n groep van 38, vol avontuur in die vroeë ogendure vanaf Suidstraat 1155 vertrek. Almal al klaar in 'n bergklim klimstemming en toegerus in hul nog-nuut-stewels en veelkleurige wolkêpse, het vreeslik uitgesien na dié toer.

En het ons dit geniet! Elke dag het ons ± 8 myl gestap en natuurtonale beleef wat geen gelyke het nie. Ons het nooit besef die berge hou soveel plesier in nie: watervalle, pragtige inheemse "oerwoud", en die lekkerste van alles natuurlik, die sneeu. Elke aand, só dik aangetrek dat jy jou omtrent nie kon roer nie, het jy ná 'n stomende koppie koffie in jou slaapsak ingekruip en soos 'n klip dwarsdeur die ysige koue nag geslaap.

AAN ALLE KOEK-SUSTERS

*In die middel vou die jaar
Was die tema net: "Word maer!"
Die rumoer het nou verdwyn;
Kos dit dan soveel pyn
Om net te verslank?
Ek weet dit val lank.
En ek weet hoe voel die pyne
In die lang termyn
Wat jy sonder kos moet gaan,
Maar dit moet ons ook net verstaan,
Aanhouer wen -
En moedverloorder ry aan die pen!*

*Die toue by die Snoepies is weer lank
-En die Affies is nog glad nie slank;
So kom nou Affies: Ruk jul reg-
Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg!*

VETKOEK

AFFIE

DAGBOEK

slaap om môre oggend soos 'n bloks wakker te skrik. Die gemiddelde uitrusting vir die aand se slaap was ± die volgende: 2 paar yskouse, 'n lang wolonderbroek, 2 paar sweetpakkoeke, 2 spencers, 2 truië, 'n anorak, 'n bellaclavamus, 2 paar handskoene en 3 paar wolsokke! - en dan het jy nóg koud gekry!

Die gees onder die klomp was baie lekker gewees en ons het baie pret gehad. In die sneeu het ons ons gate uit geniet, sneeumanne gebou, sneeuevegte gehad en heerlijk by die afdraendes op jou agterstewe geski.


Vuil en met bloedrooi gebrande neuse het ons toe weer Vrydag 19 Julie die pad terug gevat. Met die eetlus van honger wolwe het ons die arme tannie in 'n kafee só bestorm en oorval met bestellings dat sy later nie meer geweet het wat om waar te vat nie - terwyl ons omtrent 'n halfuur lank vir ons "slap chips" gewag het het ons dit darem in gedagte gehou dat 'n padkafee in Harrismith seker nie gewoon is aan soveel mense op een slag nie!!

Dit was 'n onvergeetlike belewenis en ek kan al julle ander Affies aanraai om gerus ten minste een so 'n toer mee te maak - dit is veral goed vir daardie vetrolletjies en slap en pap spiere!! N.S. In haar afwesigheid wil ons almal net weer baie dankie sê vir mev. De Vos vir die heerlike toer. Dit het baie vir ons beteken.
H. DE WIT
(St. 9)

**A combined effort!
Thank you to all the
matrixes for a very
interesting evening**



A Memorable Occasion



Pauline Müller (Chairlady) and Margaret Reynecke (Secretary) of the Debating Committee at the St. 10 Poetry Evening.



Brümilda, a famous Affie-actress!



FRANSE LEERLINGE BESOEK R.A.U.

Die klok lui met 'n groot lawaai aan die einde van die dag. Almal skarrel rond. Uiteindelik is ons in die Kombi. Ons bestemming? Johannesburg, waar ons 'n Franse bespreking van ons voorgeskryde werk wil bywoon.

Eerste stilhouplek - Sunny-side. Die Kombi moet brandstof kry. Nou ja, enige verandering is 'n verligting!

Ek en juffrou Hoon sit af O.K. toe. Sy koop kaas en lemoenkoeke, ek koop omtrent al die appels en piesangs.

Die Kombi vat die lang pad. Nou vir die eet. Ons nuttig 'n heerlike, voedsame maaltyd (?) bestaande uit lemoenkoeke, kaas, appels, lekkers, piesangs, aartappelskyfies ens. Wie wil 'n appel hê?

Ons lag en gesels en eet al die pad en helpad. Wie wil 'n pie-

sang hê?

Skielik lê ons bestemming voor ons - RAU.

Daar is 2 hoofspreeksters en, tot my verbasing, verstaan ek wat hulle sê! Mens is nooit te oud om te leer nie. Met vroeë egter, is ons maar kopsku, maar ons besluit nogtans dat ons wel iets geleer het.

Die rit terug is alte gou verby. Voor ek my kom kry is ek weer by die skool, 'n kardoos vol appels en piesangs in die hand.

Wie wil 'n piesang hê?
Milla de Villiers St. 10

DIE KOSHUIS SÊ DANKIE

Al die Kosgangers wil graag, noudat ons die einde van die derde kwartaal nader en van Mej. Bouwer sal moet afskeid neem, haar bedank! Daar is baie dinge waarvoor ons moet dankie sê, Juffrou;

Ons dink aan al die rubywedstryde wat ons so gelukkig was om te kan bywoon, aan al die hulp aan die prefekte, asook aan die aangename prefektevergaderings. Die heerlike matriekontbyt vroeg op 'n koue wintersoggend by die Fonteine sal ook nie vergeet word nie. Ons sien uit na dié een wat nog voorlê!!
Dankie dat Juffrou altyd tyd

gehad het om na ons talle probleme te luister en raad te gee.

Sommer 'n Baie Gróót Dankie vir alles Juffrou, ons waardeer dit baie.
Marinda en al die Kosgangers.


KOSHUISFLITSBERIG

Mej. Hönck, ons sien uit daarna om u terug te verwelkom in ons "Koshuismidde"!!

MARANATA KLUB

In vergelyking met ander kwartale, was hierdie kwartaal van die Maranata-klub betreklik stil wat betref stywing van ons kommunistiese fonds. Ons kan egter nou met genoeg aankondig dat 'n bedrag van R200 aan die Christelike Sending in die kommunistiese lande gestuur is. Ons opregte dank aan almal wat onondersteun het en dit gehelp moontlik maak het.

Op ander gebiede het ons egter wel baie gedoen en bereik. Ons het nou pas 'n bibliotekie in Mnr. van der Merwe se klas gestig. Daar is reeds heelwat christelike boekies en ons nooi almal hartlik uit om te kom kyk of daar nie ook iets is wat jou sal verryk nie. 'n Wapen is ook nou ontwerp as amptelike kenteken van ons klub. Baie




Die wapen van die Maranata-klub. Dit is ontwerp deur die bekende kunstenaar Erwin Lingenfelder.

dankie aan Erwin Lingenfelder daarvoor.

'n Paar weke gelede het ons besoek ontvang van Gert Joubert, wat verlede jaar hier in matriek was. Hy studeer tans as teoloog aan die plaaslike Universiteit. Ons was bly om te verneem dat daar ook op die kampus besig is om dinge te gebeur, dat groepe gestig word om Christus te verheerlik.

Twee Donderdagaande is 'n Mnr. de Ridder by die koshuis ontvang. Hy het ons toegesprek oor popmusiek, voorbeelde gespeel en ook vrae beantwoord. Dit was baie interessant en ons het baie geleer. Feite waaraan ons nooit eers sou dink nie, is uitgelig en beklemtoon. Baie dankie Mnr. de Ridder, ons het dit baie geniet.

Baie dankie aan al die manne wat ons so getrou ondersteun. Ons dank die Here vir sulke opregte Christene. Dié van julle wat nog nie jul weg kon oopsien om te kom nie, kom gerus, julle is baie welkom. Ek is seker dat dit slegs opbouend kan wees. Laastens, dankie aan Mnr van der Merwe vir hulp en bystand. Dit gaan nie ongemerk verby nie.



Affies se twee trotse Presidentsverkenners - Hendik du Rand en Danie Krynauw.

Presidents-verkenners

'n Mens kan 'n leeftyd 'n Voortrekker wees, maar slegs eenmaal, in St.10 kry 'n Voortrekker die geleentheid om die hoogste sport te bereik naamlik President Verkenner. Dit het vyf Voortrekkers van ons skool te beurt geval om te kwalifiseer vir die Hoofleierswagtoetskamp wat gehou is geurende die April vakansie. Almal het die tweede hoogste sport naamlik Hoofleierswag behaal. Hieruit is 2 ook genooi na die Presidentsverkenner toetskamp wat gehou is van 19 tot 20 Julie by die H.F. Verwoerd Hoërskool. Danie Krynauw en Hendrik du Rand het Presidentsverkenner behaal. Hulle word hartlik geluk gewens met hierdie uitsonderlike prestasie.

Wat behels Presidentsverkennerwerk?

Eerstens moet daar twee graadwiel toetse afgelê word. Daarna moet daar vir die Ridderspoor gekwalifiseer word. Dan eers word die Verkenner in aanmerking geneem vir die Hoofleierswagtoetskamp. Vir hierdie kamp moet die Ridderspoor en verskeie ander

spesiale onderskeidingskentekens afgelê word. Op hierdie Kamp, wat gehou word slegs vir Transvaalse Voortrekkers word die Verkenners getoets oor die Graadwiele en Ridderspoorkentekens. 'n Boek moet ook ingehandig word waarin al die Voortrekkerwerk tot op datum in was. Daar is ook met die aanvang van die Kamp 'n toets afgelê. Onvoorbereide toesprake oor onderwerpe wat drie minute voor die tyd ontvang word moes gelewer word waarop die Verkenners dan verder getoets word.

Uit die Hoofleierswagte is kandidate vir die Presidentsverkenner toekenning deur die Transvaalse Dagbestuur op aanbeveling van die toetskomitee, uitgenooi om 'n finale keuring of afrondingskamp by te woon. In die hele Transvaal het 25 seuns en dogters gekwalifiseer. Van die 15 seuns wat hierdie gesogte toekenning verwerf het, was daar 2 Affies.


Die toekennings is op die aand van die 20ste Julie formeel deur die Hoofleier van die Voortrekkers aan die Presidentsverkenners oorhandig. **K. MARKGRAAF.**

Drilpeloton goed, dog nie goed genoeg

TEN SPYTE van die harde werk aan die kant van Mnr. Bahlman en oefening deur die manne self, kon hulle nie op verlede jaar se prestasie verbeter om onder die eerste drie spanne te eindig nie. Die manne het hulle bes gelever en het met tye baie goed gelyk, maar het tog nie aan die verwagtinge voldoen nie. Ongelukkig moes Affies weer vier en 'n half uur wag en het heel laaste

opgetree. Die kadette het moeg geword om so lank te staan en konsentrasie en belangstelling op dié manier verloor.

Daar sal volgende keer harder geoefen moet word as ons Affies se naam wil hoog hou. Vir die kadette en Mnr. Bahlman wat baie van hulle vrye tyd opgeoffer het en vir hulle opoffering sê Affies baie dankie.



Die erewag met hulle nuwe gewere. Op die voorgrond staan Sers-maj Prins en Kapt. Bahlmann.


Skakel ons asseblief indien U eiendom wil koop of verkoop.

H/v Rodericks en the Hillside
Lynnwood.
Telefoon: 47-4480 - na ure 70-7747

LYNNWOOD EIENDOMME

Agente vir Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging.

STROOM-OP "PIN-UP" NO 3 Ons Wiskunde Leerkragte



.BOERE, WISKUNDE BLY

DIESELFDE, AL VERGAAN ONNIES

SO STUK-STUK - OOM KALLIE

NO 3 IN DIE REEKSE - VERSAMEL NOU!

Prefekte besoek die Reserwebank

Op Vrydag 6 September, het die prefekte van die Afrikaanse Hoër Seunskool die voorreg gehad om 'n leersame en baie interessante uitstappie deur die Reserwe Bank van Pretoria te onderneem. Mnr. Roesch het al die reëlings getref en om 2:30 het almal voor die Bank bymekaar gekom waar ons onmiddelik na die kluis geneem is. Ons is vooraf gewaarsku dat geen "samples" uitgedeel sal word nie. Vir voornemende bankrowers kan ek net sê dat dit onmoontlik is om die goud in die kluis te bereik. Daar is voortdurend veiligheidswagte teenwoordig en om die groot kluisdeur te bereik moet daar deur ontelbare swaar tralie hekke beweeg word. Dit kluisdeur self weeg omtrent 14 ton en het 100 verskeie kombinasies wat verskillende persone weet. Dit is dus onmoontlik om al die kombinasies te kry. Al die veiligheidsmaatreëls is egter nie verniet nie want binne in die kluis lê Suid-Afrika se goud Reserwe. Daar lê duisende goudstawe en elke staaf se waarde is gelyk aan R45.000. So as 'n persoon daarin slaag om die goud te bereik is dit die moeite werd. Een staaf weeg egter 45 lb en is moeilik vervoerbaar. In die kluis is daar egter ook "skryfbenodighede", wat as dit in omloop is, bekend staan as papier geld.

Na die besoek aan die kluis is ons na Dr. Stals waar hy ons 'n

bietjie meer vertel het van die Reserwe Bank. Ons het almal om 'n konferensietafel in die konferensiasaal van die direkteur van die Reserwe Bank gesit. Na 'n lekker koppie tee is ons huis toe.

OUD-AFFIE BOND KRY BESLAG


'n Baie suksesvolle begin is gemaak aan die stigting van 'n Oud-Affie-Bond. 'n Vergadering is gehou waarna al die hoofseuns en onderhoofseuns vanaf 1970 uitgenooi is, asook ander belanghebbende persone. Daar is eers by 'n bekende hotel saam geëet en gesels voordat die bespreking begin het.

Uit die geselsery is ou bande weer versterk en het 'n mens weer diep onder die besef gekom van hoe 'n groot deel Affies van elkeen van ons se lewens uitmaak. Interessante staaltjies is vertel, en dinge uit die verlede is opgediep.

Daarna het die bespreking gevolg oor die Oud-Affie-Bond. 'n Komitee is gekies wat verder na die saak sal omsien, en geoordeel aan die ywer en goeie idees wat genoem is, sal ons eersdaags 'n aktiewe Oud-Affie-Bond by die skool hê.

- Reistasse (groot verskeidenheid)
- Reissakke
- Inkoopiesakke
- Sake-tassies
- Akte-tassies
- Grimeertassies
- Oomag-tassies
- Dames-modehandsakke

PRETORIA SE IN-DIE-KOL REISTASSPESIALISTE



LUGGAGEWORLD

Leweransiers vir alle koopverenigings

KOEDOE DEURLOOP, PRETORIUS STRAAT 234, TEL. 3-3476

DIE KELDER

(EDMS.) BPK.

Amptelike verskaffers van Afrikaanse Hoër Seunskool se voorgeskrewe skooldrag.

20% KORTING VIR KONTANT

Affies verkies altyd hul oudste kleurverskaffers.

★★★

FOON 2-7070

AFFIE-HOOPPYNE

WIL JULLE WEET HOE DIT VOEL?

Ons wat die lang pad al deur die jare deur die gange van klas tot klas gestap het, die matrieks van 1974, weet nou hoe dit voel om rekord-ekasamen te skryf.

Toemaar, ons het ook gesê: "Dankie tog dit is nie ek nie".

Maar dit het niks gehelp nie, want nou was dit ons.

Dit voel hard en koud en gewigdig.

Dit voel knop-op-die-maag, bont kombeserig en baie akademies, by tye histories, by tye verlig. By tye moeg en by tye lui en so hier en daar is dit selfs lekker.

Dit voel geïsoleerd van die res van die skool en die wêreld. En net die geïsoleerdes kan hulle eie optrede begryp en die van hulle maats.

Net dié wat die mombakkies-woord self beleef, sal kan verstaan as Santjie Pieter "amfibies" oor die gras hop ná 'n letterkundevraestel.

Mede-Affiane - Rekordia Eksamentjie uit koue saal van lof, wens die toekomstige matrieks alles van die beste toe!



Oooooe julle! Hy't ja gesê! Ek kan nie wag vir 4 Oktober nie!

S.O.S. ... S.O.S. ...

Dringende noodoproep van wanhopige uittredende Affiena:

'n Metgesel vir die 4 Oktober 1974 8-12 nm. matriekgeselligheid dringend benodig. Verkieslik ses voet agt met nommer 3½ skoene (my lid-dorings!), maar alle ander aansoeke sal ook oorweeg word. Die aand belof om besonder aangenaam te wees met uiters voortreflike beligting - geen moontlikheid om blink neuse of bakore te verbloem nie. Belangstellendes skakel dringend 74-2748 tussen 2 en 12 nm.

S.O.S. ...

Liewe Affies

Ons wil 'n dringende beroep op almal wat nie aan sport deelneem nie, maak. Kom speel hokkie julle ou's. Kom ons wys vir Girls High dat ons ook 10 hokkie spanne kan hê. Al het ons net een veld en hulle vyf. Kom ons wys aan die wêreld dat Affies se meisies nie slap is nie. Kom ons wys hulle dat ons selfs op die hokkie-baan kan koning kraai.

Dit is moontlik, want ons besit die potensiaal. Affies, mens kan slegs die toppunt van die leer bereik as jy self bereid is om daarvoor te werk. Ek is self 'n hokkie speler, en weet wat dit kos om elke ofening by te woon, maar op die einde is dit tog die moeite werd. Dan Affies, die grootste versoek - kom ons maak geld bymekaar vir nog 1 of 2 hokkiebane. Julle weet self dis onmoontlik vir die 6 spanne wat ons nou het, om gereed op die een of baan te oefen, wat nog te sê van 10 of 12 spanne. As ons uit ons self geld begin bymekaar maak, kry ons dalk binnekort 'n splinternuwe hokkie baan by. Kom ons span saam en wys aan almal wat in ons steek. By voorbaat dankie vir julle samewerking.

Frieda (St. 9)

Figures

*The mushrooms, the butter and coffee,
The caviar, the icecreams and toffees.
The chocolate, the puddings and cake,
Will have to pass - for weight's sake.*

*We can lose,
If we chose,
A kilo or two,
That's true!*

*Run around two blocks,
And mend your father's socks.
Improve your natural wit,
'cause it keeps one fit.*

*Yes, we all can lose,
If we choose,
A kilo or two,
That's true!*

*Eat less?
YES, YES!*

Hendirëtte Grobler 9B

Liewe Affies!

Help my tog asseblief! Iemand moes gister (per abuis?!!) my skooltas geneem het. Ek het hom langs die trap by kamer 13 gelaat nadat ek laat skool toe gekom het, omdat ek met my kèrel op die hoek gesels het. En toe hou die prefek my by die hek op om my te vra waar my keppie is. Ek sien toe dat ek laat is, dus laat ek my tas onder by die trap en hardloop op om te sien of mev. Pienaar se klas nie dalk oop is nie, sodat ek dit daar kan bère nie, want mev. Boardman se klas was al gesluit. (Haar klas was egter nie oop nie). Ek is toe saal toe. Toe ek terug kom, was hy weg.

Dit is 'n kakiesak met "stickers" op. Ek sal dit waardeer as die persoon wat iets daarvan weet, so spoedig moontlik tot aksie sal oorgaan, aangesien ek dit dringend nodig het, want my maskara en naellak is daarin.

By voorbaat dankie.

Mariel Keff St. IX.

Liewe Affiena,

Wat ons nodig het, is 'n gimnastieksaal. Maar dis nie al wat ons nodig het nie. Daar is 'n dringende behoefte aan 'n tweede hokkieveld.

Ag, Affiena, sê my, waarom gaan ons 'n atletiekbaan kry? Daar heers dan altyd so 'n op- en wakker gees as ons saam met die seuns op hulle atletiekbaan onder hulle spreiligte atletiekbyeenkomste het. En almal geniet dit. Waarom nou nog 'n atletiekbaan by ons skool hê?

Die wintersoggend is koud. En om op 'n koue wintersoggend op die toegerypte gras te moet liggaams oefeninge en gimnastiek doen, is kuikenmoord! Asseblief, kan ons nie eerder geld insamel vir 'n gimnastieksaal as vir 'n atletiekbaan nie?

Affiena, ons skool het ses (6) hokkiespanne. Net een (1) hokkieveld. HELP! Asseblief, kan ons nie eerder geld insamel vir 'n hokkieveld as vir 'n atletiekbaan nie?

Moedeloos
Standerd 8A

WASBAKKE

*Soos dit haar betaam,
Is 'n meisie altyd fyn,
Waardig en ook rein,
Dit sal ek graag beaam.*

*Maar wat ek nie verstaan;
Is hoe sy haar kan reinig,
As daar in weinig*

*Van die kleedkamers wasbakke
staan **deur: Vanselfsprekend***

UIT DIE DAGBOEK VAN IEMAND WAT DIE FIKSHEIDSTOETS OORLEEF HET VIR DIE DRAKENSBERGTOER

4 000 METER IN 25 MINUTE. EINTLIK 24 MINUTE. Vir iemand soos ek wat nog altyd laaste gekom het as daar gehardloop word, is dit beslis geen speletjie nie. Van my Sub-A-jare al is dit so. Nou moet jy skielik 'n fiksheidstoets aflê sodat jy 'n bronsmedalje kan (probeer) kry sodat jy Drakensberge toe kan gaan.

Wel, al raad is dit: jy moet seker maar begin oefen. Daarvan het ook nie veel gekom nie, want dan is dit 'n hengse Skeinattoets of 'n musiekles, dan dit, dan dat en weer iets anders.

Woensdag 12 Junie om 2nm. moet jy by A.H.S. wees.

Die dag het omtrent soos volg verloop:-

6.45vm. Pa probeer moed in praat. "Hou net jou pas - al kom jy laaste en druk deur. Moet net nie halfpad ophou nie".

11 vm. Pouse. Gou 'n appel eet vir ekstra energie en vitamines en wat nog alles en sommeer net vir troos.

12vm. Nog 2 uur grasie.

1nm. Daar is beslis vlinders in my maag!

1.30nm. Oor 'n uur moet ek klaar wees!

1.45nm. Gou 'n lemoen eet om die ergste dors te les en die maag tevrede te stel.

2nm. Dis koud en jy is effens (dareem nie te veel nie) bang.

Resultaat: (jy bewe)² Ek wonder, sal ek dit nog doen? Ek sal nou nie sê ek is baie lus nie! Dis so koud!

Nee! Alle luiheid op 'n stokkie. Alle nonsens op 'n stokkie en alle energie op 'n drafstappie.

2.05nm. "Weg is julle".

Ja. Hier gaan ek. Alweer- geen uitsondering nie - ek is heel laaste. Toemaar, aanhouer wen! Waar is die einde? Die simpel klippe ook!

My enkels swik aanhoudend. 'n Opdraande. Oef - oef - huh - huh.

Het nog skaars begin. Het einde is het nog niet.

Een keer om. Haai, wat 'n wonder. Ek is darem nie heel laaste nie. Ander het begin stap. Foei, seker miltsteek. Ek hoop nie so iets tref my nie. Dan krul ek weer soos 'n voltruis wat 'n klip ingesluk het!

Ek wonder. Sal ek nie ook 'n bietjie stap nie? Nee, lievers deur-druk. My asem klink soos 'n stoomroller wat sy laaste asem uitblaas.

O gaan ek dit ooit haal? Hugh-hugh.

Nog net een keer om die atletiekbaan. Ook maar bra on-fiks! Eindelik. Soos 'n Concorde storm ek op die eindpunt af. Ek blaas soos 'n os. My lippe is kurk-droog.

Ek wonder. Het ek dit ooit gemaak? Weet nie. In elk geval te bang om uit te vind! Sal maar hoor en wag, wag, wag, ...

Eindelik.

Hier kom die Omie met die medaljes. Wat gaan gebeur? Gaan ek dit kry? My naam. Nog nooit was my naam so mooi vir my nie! Ja, tog "Wel I never" "Bonté divine" Helaas!

Dankie tog! **M.v.R. 8C.**

KOSHUISBRAK IN DIE STUDIESAAL

*Net een nies ...
Toe's die onnie vies ...
Sy het toe gevra
Wie het haar gepla
En soos een man
Het ons vier opgestaan
En so in 'n ry
Het ons raas gekry.*

*Die strawwe is mildelik uitgedeel
Maar ons laat ons nie so gou skiel
En was ons nie boos nie
Met die oog op die horlosie
Het ons gestaan en wag
Ja, dit was 'n aaklikge slag*

*Bo in die kamer
Kom ons te same
En net daar sweer ons wraak
Maar, dit was die end van die saak.*

ELIZE UNGERER

Voor daardie vreeslike Latyn toets!

Sonja: Asseblief, sê my gou wat is dit nou weer om te hardloop?

Petro: Wag man, die klok lui nou en dan weet ek nog nie of templum manlik of vroulik is nie.

Anne: Ek sien swarigheid vir jou want templum is nie een van die twee nie.

Petro: Goeie genade, wat dan? Ek's dood seker ...

Anne: Kalm bly, het jy al van so iets soos neutrum gehoor?

Sonja: Ag julle, staak dit nou, ek het alweer vergeet hoe vervoeg mens audire.

Leonie: Ja, maar ek ken dit, maar hoe gebruik mens dit nou weer.

Sonja: Voor jy dit gebruik hoe vervoeg 'n mens audire? Ek's seker sy gaan dit vra.

Laurette: Onthou tog die tyd wanneer is sonder 'n voor ...

Riana: Haai julle, en moenie vergeet ...

Laurette: Wag so 'n bietjie, jy val my in my sop en in my rede en sommeer in my als.

Riana: Maar wat ek wou sê is baie meer belangrik, Latyn of nie. Alles is belangrik.

Triengg ...

Laurette: Kom mense, die koeël is deur die kerk, maar die predikant is nog nie dood nie.

NA DIE TOETS

RIANA: Nou's die predikant dood vir ewig en ek vir ewig sonder velle.

Sonja: Genade waar staan al daardie Grieks in die handboek

Petro: Ek is seker die vraestel kom uit die verkeerde handboek

Anne: Help my, my swak hart kan nie meer nie! Uitroep om hulp, floutes, ens.

As dit regtig so erg was sou daar nog een lewende Latyn-Affie gewees het?

'n Lewende worstelende Latyn-Affie

SPREUKBUIS

**Pierre van Aswegen
se indruk
van London**

Pierre van Aswegen, een van ons leerlinge, en Mnr. Ian Forrest, die wetenskap-onderwyser, het onlangs teruggekeer van 'n besoek aan Europa, waar hulle o.a. "The 16th London International Youth Science Fortnight" bygewoon het. Hierdie besoek was deel van die prys wat hulle ontvang het in die Archimedes-eksamen.

Pierre het 'n paar van sy indrukke eksklusief vir STROOMOP op skrif gestel, en s6 gesels hy:

"Die eerste ding wat 'n mens tref as die vliegtuig deur die wolke breek, is die klein lappieskombers landerye en die intense groen kleur wat selfs op onbewerkte grond uitslaan. Dan sien jy die dig opmekaargedrukte huise van die voorstede van London, en jy besef dat hulle hier nie 'n sentimeter grond het om mee te mors nie. Tog sien 'n mens later dat die middestad van London ryklik geseen is met die mooiste parke.

Dan land die vliegtuig by Heathrow, wat Jan Smuts soos 'n private vliegveld laat lyk. (in grootte, beslis nie in luukse nie).

Wanneer jy in die stad inry, begin jy onder die besef kom van die jare van die stad. Die geboue is oud, en meesal vuil, maar binne is dit gewoonlik modern en luuks (behalwe ons koshuise). Van die drie koshuise waarin ons gebly het, was een 'n moderne gebou, met huisbakke, twee TV kamers, 'n muurbalbaar ens. Die koshuis waarin ek en Mnr. Forrest gehuisves is, is seker deur drie onafhanklike argitekte gelyktydig beplan, of deur een dronke.

Die eerste twee dae was ons vry om London te verken. Gou-gou kom jy agter dat London nie die plek is om die Brit te leer ken nie, maar eerder die Indiër, die swart en die geel man. Dit lyk nie asof die Britte baie geneë is met dié

toedrag van sake nie, want soms staan daar op die muur van 'n ondergrondse stasie geskryf: 'Wogs go home' of iets soortgelyks. Ons het omtrent net drie keer gemengde paartjies in die straat sien loop.

Die geweldige doeltreffendheid van 'London Transport' beïndruk almal. 'n Mens leer gou hoe om die moltrein te gebruik, en om langer as vyf minute by 'n stasie te wag is uitsonderlik. Ons het egter ook kilometers geloop om die stad te sien. Daar is honderde winkels van alle soorte en spesialiteite. Klere is oor die algemeen baie goedkoop, omtrent helfte wat dit hier kos vir die alledaagse goed soos jeans of hemde.

Al die Suid-Afrikaners was van opinie dat die Engelse nie weet hoe om te eet nie (en die Engelse word weer as vrate beskou deur die Europese vasteland). Die enigste plek waar jy goeie kos vir jou geld sal kry is by die tradisionele 'Fish and Chips' winkels, of by 'n 'Pub'. Die Engelse kroeg is iets heltetal anders as hier, met 'n andersoortige, vriendelike atmosfeer. Hulle floreer in hulle honderde want al die werkers en kantoormense kom eet daar hulle 'bangers and mash' en bespreek die besigheid oor 'n 'pinta bitters'.

In London, en veral in die distrik Soho, leef dit heeltyd van ver-

SPREEKBUIS is 'n rubriek waarin skrywers slegs hulle eie menings en standpunte stel. Dit is nie noodwendig die standpunt wat die redaksie oor die betrokke saak huldig nie, en dien slegs as spreekbuis vir persone wat graag hulle mening oor enige saak wil gee.

maak van alle soorte. Waar die 'What's On' in die "Pretoria News" slegs 'n paragraaf beslaan, verskyn daar 'n aparte dik tydskrif met al die vermaak en besienswaardighede in en om London. Op 'n tipiese aand het ons die koshuiskos ingewurg, in die tydskrif gekyk en die moeilike besluit geneem; waarheen gaan ons as daar so baie is om van te kies. Dan het die finansiële woorwegings oorhand gekry; Jesus Christ Superstar sou £3 kos, en Red Hot Bodies net sestig pennies. Wat om aan te trek pla 'n mens nooit nie, hulle kom kaalvoet met jeams of met 'n aandpak. Voordat ons ingegaan het, het ons 'n bietjie die speltjiesale besoek, waar Mnr. Forrest met die aanloklike verskeidenheid dobbelmasjiene kennisgemaak het. Gelukkig het hy net twintig pennies kleingeld by hom gehad. Ek, gekasty deur ondervinding, het my weerhou, die ander speltjies is baie lekkerder. Ons kan bly wees oor die rookverbod in ons gehoorale, want ons het partykeer omtrent verstik in die blou dampe. On ander plekke was die lugversorging egter goed genoeg. Ons het gelag toe ons sien dat selfs die advertensies 'n sertifikaat van die sensorraad ontvang. (O ja, hulle het 'n sensorraad). Een film wat op Charing Cross Road gewys het is gekonfiskeer tydens ons besoek). Die advertensies in die fliëks, oor die televisie en op die honderde plakate is baie goed en verbeeldingryk. Behalwe die teaters, fliëks en speltjies, is daar nog die dosyne museums, kunsgallerye, honde- en perdewedrenne ens. As 'n mens by die Londense Wetenskapmuseum twee minute by elke uitstalling deurbring, sal dit jou twee jaar neem om alles te sien.

Daar is vir ons 'n openingsdans, volksaand en sluitingsdans gereël by die Empire Rooms, waar die orkes honderd en twintig Watt uit sy sestig Watt luidsprekers probeer wurg het. Dit is duidelik dat ons musieksmaak meer op dié van die Amerikaners geskoei is as die Europese. By een van die lesings is daar aan ons gedemonstreer hoe ultravioletligte 'n blou lig afgee. Ons het party aande gemors voor die televisie. Naweke was die programme gangbaar, maar origens dink ek nie ons mis veel nie.

Een naweek het ons 'n kort toer die platteland in onderneem, waar ons van naby met die pragtige helder groen landskap kennisgemaak het. Al die mense wat ons ontmoet het was die vriendelike self en ons het nooit ons herkoms verberg nie. Met die mense van ander lande by die konferensie het ons baie goed oor die weg gekom. Ons het mekaar goedhartig geterg, hulle het my bv. aan hulle maats voorgestel en gesê: "He comes from South Africa, he lives three free-houses down the river form Tarzan."

Afrika is slegs verteenwoordig deur ons groep van twintig, een Malawiër en twintig Egiptenare. Ek het met die Malawiër hieroor gesels en hy sê dat swart Afrika net nie daarvan hoor nie. Hy was toevallig besig met studie in Engeland en het so van die konferensie gehoor.

Ek is baie bly om weer terug te wees om te rus na die gejaagde tydjie, maar ek sal gou weer verlang na cider op warm middag, die gerieflikheid van die moltrein, die geselskap van my nuwe vriende, en die atmosfeer wat London so 'n aangename vakansiestad maak.

**ORKES
TOON
HUL
STAAL**

Na Affies se orkes hul staal in die Pretoria streeks kompetisie getoon het, het hulle voort gebou op hul 3e plek wat hulle daar verower het en net so goed in Pietersburg gevaar. Die kompetisie op die Orkes Kampioenskappe van Kommandement Noord-Transvaal was hierdie jaar besonder straf, maar ondanks dit het die orkes geskitter.

Seker die mees skitterendste prestasie was die van André Lötter. Hy het naamlik die eerste plek in die Sytamboerslaner gewen, en in die proses die huidige Suid-Afrikaanse Kampioen verslaan. Baie geluk André! Gert Burger het 3e gekom in die Tenoor-tamboerslaners, en tussen die Bastamboerslaners het Christo Bosch ook die 3e plek verower. Die Tamboerseksie het ook 3e geëindig.

Die Trompetseksie het 5e gekom terwyl Barry Grobelaar 4e tussen die Trompetspelers geëindig het. Bennie Maré was 6e in die Beuelblasters en die Beulseksie het 4e gekom. Kobus Rudolph het die 4e plek tussen die Tamboermajoors uitgestap.

Die orkes het gereeld elke week van die jaar hard geoefen en baie tyd is deur die orkeslede en Mnr. Booyesen opgeoffer. Dit het alles vrugte afgewerp en van al die orkeste van meer as 50 skole in Noord-Transvaal het Affies se orkes die 6e plek verower. Voorwaar 'n puik prestasie! Baie geluk aan ons Orkes en baie dankie vir julle moeite!

KREIDLER

Florett

PRETORIA ALLEENAGENTE




**ACE
MOTORS**

**429 PRETORIUS STR
Tel. 48-3861/2
Bus 2896**

* Die Motorfiets Spesialiste

AGENTE OOK VIR

YAMAHA - HONDA - PUCH





WOORDE WEK MAAR VOORBEELDE TREK

PANNEKOEK BAK

Gisteraand het die gesin net pannekoek gekry vir aandete. U dink natuurlik: "A, heerlik!", maar u is verkeerd. Hulle was so taai soos leer! Ag, in elk geval, ek is baie dankbaar vir daardie einste stukkie rubber. Met hulle het ek my eerste triomf oor pannekoek gevier:

"Sal ek, of sal ek nie? Sal ek, of sal ek nie?"

"Ag toe jong, jy is mos nie so vrot nie!"

"Vat dan die honde weg."

"Hulle sal jou nie hinder nie, man, toe nou!"

"Nou goed, jy eet die mislukkings."

"Met graagte. Toe, een . . . twee . . . drie!"

(Stilte) "Nee man, kom doen jy dit."

"Bog met jou, dis jy wat wil leer, nie ek nie. Ek kan."


"Goed hier gaan ek . . . HOERA!" (dubbel gevou en verkreukel).

"Sien jy nou. Volgende keer sal sit sommer beter gaan."

"Volgende keer? Aikôna, nie weer nie, in elk geval nie met hierdie loodswaar pan nie. Ek het nie kom pannekoek bak om spiere te ontwikkel nie!"

"Nou ja, dis jou eie indaba daai. Gee vir my 'n pannekoek aan."

Gera Karen Hutten 9 F



SPORT IS IN BELANG VAN SUID-AFRIKA

Op Internasionale gebied is sport naas politiek een van die belangrikste wrywingspunte. In Suid-Afrika spesifiek is dit sigbaar in die skewe beeld wat die buiteland deur middel van sport wil skep as politieke aftakeling.

Die twee aspekte hou egter net verband so ver dit sport as sosiale bedrywigheid betref wat onderworpe is aan die regering se beleid. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling, is gemik op die volgende drie hoofpunte (volgens "Riglyne vir sport in Suid-Afrika" - Departement vir Sport en Ontspanning).

- "Die behoud van die identiteit van elke bevolkingsgroep
- Voorkoming en uitskakeling van wrywingspunte en wanordelikhede
- en die daarstelling van ontwikkelingsmoontlikhede vir Sportlui van elke bevolkingsgroep."

Hierdie uitgangspunt raak ons as skoliere nie op die oomblik so danig nie, maar aangesien ons skoolloopbaan die fondament van ons latere lewe is en sport baie nou hiermee saamgaan, is dit belangrik om die fundamentele beginsels van sport te begryp.

Waarom is dit noodsaaklik dat 'n persoon aan ten minste een van die sewentigtal sportsoorte moet deelneem? Fiksheid en gesondheid is 'n vereiste vir 'n normale mens. Ten spyte van die baie voordele as gevolg van deelname het 'n mens ook 'n stimulant nodig wat by wyse van fisiese afleiding jou geestelik laat ontspan. Dit is die hoofdoel van sport.

Op skool neem ons deel as leerling van 'n skool, as massa en in 'n mindere mate as individu. Sportfasiliteite is gratis en die feit dat jy

aan 'n sportsoort deelneem, is dikwels bloot die verloop van omstandighede. Dit is hier waar ons ons eerste misstap begaan nl. om ons self te vereenselwig met die groep en nie 'n bietjie eie inisiatief aan die dag te lê nie. Daardie selfmotivering en die wil om die sportsoort wat jy beoefen, eie aan jouself te maak, ontbreek. Ons kry dan dat atlete wat op skool goed vaar, na skool net van die toneel af verdwyn.

Dit is egter nie prestasie wat bepaal of jy 'n atleet of spanlid is nie. Standaard en kompetisie is slegs daargestel om aan elkeen 'n dryfveer te verskaf om nie net iets te doen nie, maar dit so goed as moontlik te doen en daarmee sy potensiaal te vervolmaak.

Juis omdat baie onder die indruk verkeer dat hulle nie oor die aanleg beskik op 'n sportgebied nie, neig hulle om toeskouers te word, passief te wag dat ander alles moet doen. Dit is 'n sieklike gees wat onder die jeug sy kop uitsteek.

Daar is baie lesse wat jy uit jou sport kan haal wat van toepassing is in die lewe en van jou 'n gesonde gebalanseerde jongmens maak. Volharding en deursettingsvermoë, daardie wil om te wen of 'n posisie te behaal, is maar net 'n replika van die wedloop van die lewe waarin jy oor volharding en deursettingsvermoë moet beskik om bo uit te kom. Jy leer om te verloor en dus om teleurstel-

lings te aanvaar. Jy leer om met jou medemens saam te werk by wyse van inagneming van jou spanmaat of mededinger. Jy leer deur middel van fisiese konsentrasie en inspanning om ook in verstandelike konsentrasievermoë te ontwikkel. Jy leer om jou positief in te stel t.o.v. jou eie potensiaal. Watter groter leermeester wil jy dan hê as jou sport?

Hoeveel skoliere is nie nog besig om lamsakkig by die huis of in bioskope rond te lê nie, onbewus van die leemte wat hulle in hulle karakter skep nie. Dit het tyd geword dat ons wakkerskrik en begin dink, redeneer oor wat ons in die lewe wil hê en waarom; doelgerig begin word.

Ons staan op die drumpel van 'n atletiekseisoen, maar so veel talent gaan verlore deur die massa wat agter 'n paar sportmanne skuil. Kom Affies, ruk julle reg en tree daadwerklik op, wys almal wat gedoen kan word. 'n Passiewe houding kan alleen tot jou eie val lei, daarom is dit noodsaaklik dat elke gebalanseerde jong mens hom of haar moet aktiveer en ook in sport hulleself bewys.

Dit is nodig dat die jeug 'n gesonde sportmangees moet opbou ten einde die skewe beeld wat daar in die buiteland geskep is oor Suid-Afrikaanse sport, uit te wis, en daarom moet elke leerling ook op hierdie gebied sy bydrae tot die belange van Suid-Afrika lewer.

Riekie Lombard 9D

Affie agter die paal (vertroulik aan haar vriendin, agter haar hand):
Haai jong, dra sy regtig 'n gelaaiete pistool in daai handsak?



**AFFIES IS
WELKOM OM
AL HUL BOEKE
EN SKRYFWARE
TE KOM
UITSOEK BY**



**BEZUIDENHOUT
SE BOEKHANDEL
MONUMENTPARK**

Sportman van die jaar:

Tienie Prinsloo

'n Les in spesialisasie is te leer uit die fenomenale sukses wat Tienie Prinsloo in sy sover jong tennisloopbaan behaal het. Kom ons kyk hoe hy op 18 jarige ouderdom reeds Springbok is, en hoe hy dit reggekry het.

Marthinus Prinsloo is in 1955 in Pretoria gebore. Sy ouers het tennis as ontspanning gespeel en Tienie het só met hierdie sport kennis gemaak. Voordat hy skool toe is, kon hy alreeds die raket swaai - natuurlik nie so goed soos nou nie! Die spel het vir Tienie spesiale bekoring gehad en in St. 2 in Pretoria-Oos Laerskool, was hy alreeds dié Laerskool se eerste gekeurde tennisspeler.

In St. 5 is dieselfde laerskool, bekleed hy nog altyd dié posisie. Hy het sy oefentye opgeskuif toe hy in St. 7 vir Noord-Transvaal gekies is, en in St. 8 is hy Affies se beste tennisspeler. Op hierdie stadium was sy gemiddelde oefentyd 17 uur per week! Hy is die enigste persoon wat 0-12, 0-14, 0-16 en 0-18 die N.Tvl.-enkelspeltitels kon wen. Vir hierdie prestasie het hy die Pieter Smit-Trofee ontvang.

Verlede jaar het hy saam met Cuan Neethling die S.A. Dubbelspeltitel vir N.Tvl. buitgemaak. Hy het talle trofee en bekere wat hy alreeds ontvang het, maar het onlangs 'n buitengewone medalje ontvang. Tydens die Forrest Hills toernooi, 'n Ope-Internasionale Junior Kampioenskapsbyeenkoms in Amerika, het Tienie saam met Ilana Kloss die gemengde dubbelspelkompetisie gewen.

waarvoor hy 'n medalje ontvang het. Tienie en Cuan het albei medaljes ontvang vir die beste spelers in die N.Tvl.-span.

Tienie het S.A. onlangs in Amerika by die reeds genoemde Ope Internasionale byeenkoms verteenwoordig. In die Forrest Hills toernooi is Tienie in die kwart-eindronde deur Manson van Clifonië uitgeskakel. By 'n toernooi in Ottawa, Kanada, het hy in die semi-finaal teen Palin van Finalnd verloor. Palin was egter die man wat die kampioenskap gewen het. In die finaal van die Seuns-Dubbelfinaal moes Tienie en 'n Brasiliaan die onderspit delf. Tienie het teen die beste juniors ter wêreld opgetree en werklik met eer uit die stryd getree.

Tienie sal in die Desember vakansie na Miami, Florida, vertrek as Junior-Springbok. Hy sal vir 2 maande in Amerika aan toernooie deelneem o.a. die "Orange Bowl"-toernooi. Só het Tienie deur vroeg in sy lewe te spesialiseer en hard te oefen, op 18 jarige ouderdom Junior-Springbok geword.

Ons skool se enigste 1974 Springbok is nederig, stil, gedetermi-

neerd en bowenal ambisieus en doelgerig. Hy wil na sy diensplig professionele tennis oorsee gaan speel en hoop em eendag die beste tennisspeler ter wêreld te wees. In sy matriekjaar aan Affies is hy altyd met 'n meisie te sien, terwyl hy ook 'n giftige brug-speler is!

Ons glo dat Tienie Prinsloo met sy determinasie eendag die wêreld se beste tennisspeler sal wees. Hiermee wens Affies hom ook alle sterkte toe op sy pad na die tenniskroon van die wêreld, en wens hom geluk met al sy reeds behale prestasies.



TENIE PRINSLOO: SPORTMAN VAN DIE JAAR

NUWE SKERMKLUB

Die Afrikaanse Hoër Seunskool, wat homself op soveel terreine laat geld, het nog 'n stappie verder beweeg met die stigting van 'n Skermklub.

Vrydag, 16 Augustus 1974, was dit 'n opgewonde groep leerlinge wat in die skoolsaal bymekaar gekom het vir hul eerste onderrig in die skermkuns.

Ons is deur die instrukteur, Mnr. Nelson van Johannesburg, daarop gewys dat dit 'n gevaarlike sportsoort is, wat vaardigheid en versigtigheid vereis. Goeie spier koördinasie, vinnige refleksie en 'n mate van fiksheid, is ook noodsaaklik.

Die toerusting bestaan uit 'n floret, skermmasker en baadjie. 'n Floret is 'n ligte soort swaard net 'n vierkantige lem en 'n doppie aan die punte vir beskerming. Die baadjie is om veiligheidsredes dik

opgestop en bedek die skouers, bors en heupe. Die masker bedek weer die gesig en nek en is van staaldraad gevleg.

Hierdie is 'n eeue oue klassieke sportsoort en is eerste deur die Spanjaarde beoefen en be-meester. Die voorreg om onderrig to word in die skermkuns is aan ons gegun deur die toedoening van Mnr. Roesch. Die fooie hieraan verbonde is baie billik en word kwartaalliks betaal. Toerusting word gratis verskaf tot tyd en wyl eie toerusting aangeskaf word.

Ek is oortuig daarvan dat hierdie opwindende sportsoort nog wye ondersteuning in die toekoms sal geniet. Hiermee nooi ook al die Affies uit om by hierdie nuwe klub te kom aansluit. Met julle hulp kan dit nog baie uitbrei!

PIET KLEYNHANS.

RUGBY: Rhodesië is 'n Leeu-land!

Op Maandag die 8ste Julie, het Affies se Rugbytoerspan per bus na Rhodesiëvertrek. Daar is met net 16 spanlede vertrek - skaars 'n volle span!

Op Pietersburg is daar ge-eet en die manne se voorkoms is opgeknap. Dié middag 4 uur is die toerspan oor die grens. Die aand is daar by Lundi oornag en die volgende dag het ons na die Zimbabwe Ruïnes vertrek. Langs die pad is daar litte losgemaak toe die manne 9 km. agter die bus aangehardloop het - dit is met opset gedoen. By Zimbabwe is daar geëet en daarna is die Ruïnes besigtig en dié aand is die Hotel, met Philip Uys op die klavier, oorgeneem. Daarna is die spook van Zimbabwe gaan soek sodat die spook en ook die bangste ou uitgang is by name Jimmy Hendriks.

Die volgende dag het die span na Salisbury vertrek. Die manne het almal in een kamer in die koshuis tuisgegaan. Die aand is hulle vroeg na die Vere en later het hulle die meisieskoshuise gaan "serenade". Die beste toespraak is deur Wielietjies gelewer. Die volgende dag het die eerste wedstryd van die toer teen Ellis Robbins

plaasgevind. Affies het die wedstryd met 21 teen 17 verloor.

Die volgende oggend is daar fietse by die Miesieskool geleen en in Salisbury rondgetoer. Die middag is daar teen die Meisieskoshuise rugby gespeel en hier het veral Piet van Wyk in die loskrums uitgeblink. Dit is die enigste wedstryd wat in Rhodesië gewen is. Dieselfde aand is myle vër geloop om 'n paar manne se lintwurms te stil. Die Saterdag is rustig deurgebring met 'n harde oefening en L.M. Rossouw het hier by ons aangesluit na die Cravenweek.

Die volgende dag is daar na die plaas van S.A. de Kock se ouers vertrek en die span het die hele Sondag daar deurgebring. Daar is tabakskure besigtig en veral Wallie Horak het op die perde uitgeblink. Die aand is Umtali binnegeval met 16 Affies in 'n Holden-stasiewa. Die volgende dag is daar teen Umtali Boys High gespeel. Sarel Bekker het siek op die veld gedraf en Deetlefs het sy voet ge-

durende die wedstryd gebreek. Die aand is voor die televisiestel deurgebring en die volgende dag het ons na Gwelo vertrek.

Langs die pad is by Hot Springs geswem. By Guinea Fowl is die beste ontvangs van die hele toer gereë. Die volgende dag is die wedstryd teen dié hoërskool met 14 Affies en 'n geleende speler gespeel. Die wesstryd is met 12 punte teenoor 10 verloor.

Die volgende oggend het die span na Bulawayo vertrek en daar is Deetlefs as gevolg van sy besering wat hy by Umtali opgedoen het terug huis toe. Direk daarna het die span na die Victoria-valle vertrek. Die Valle is deur ons besigtig en daarna is die span per boot vir 'n rit op die Zambezi-rivier geneem. Die laaste wedstryd is op Bulawayo teen Gifford Hoërskool gespeel. Dié opponente was baie sterk en Affies moes weereens met 'n geleende speler speel. Philip Uys het sy been in hierdie wedstryd gebreek en het in Rhodesië agtergebly. As gevolg hiervan moes hy 'n week daar bly voordat hy per vliegtuig na Suid-Afrika kon terugkeer.

Die span het na Beitbrug vertrek waar hulle tot die volgende dag moes wag om die grens oor te steek. In Louis Trichard is ontbyt genuttig en daarna het hulle vasgeby tot in Pretoria, waar hulle omstreeks 2 uur gearriveer het.

Ons wil net vir Mnr. Knipe baie dankie sê vir die uitstekende verstandhouding tussen hom en die toerspan, en sy reuseaandeel aan die fantastiese toer. Dank ook aan Mnr. Forrest wat saam met ons die toer meegemaak het. Baie dankie.

E. DEETLEFS.

Kierie-Sport

Affies het homself hierdie jaar deeglik laat geld in die landloop. Dit het amper gelyk of die seniors die liga gaan verower, nadat hulle twee van die drie byeenkomste gewen het. Griep en seer bene het hierdie poging egter in die wiele gery, en die liga is gewen deur Menlopark.

Ons junior landloopspan was nie hierdie seisoen van die beste nie, maar hulle is nog almal nog onder die vasgestelde ouderdom en gaan volgende seisoen wys wat in hulle steek. Piet Louw ons belowende junior, het uitstekend in die wedlope gevaar en 'n paar keer die Noord-Transvaalse span gehaal.

Vier van die senior spanlede het Noord-Transvaal by die onlangse

Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe wat vir die eerste keer in tien jaar in Pretoria gehou is, verteenwoordig. Justiaan du Plessis het in die o/19 afdeling meegeding en het 49ste gekom uit 90 deel-nemers. Herman Fourie, Gert van der Westhuizen en Jan Marais het onderskeidelik 62ste, 35ste en 9de gekom in die O/17 afdeling waarin daar 97 deelnemers was.

Mnr. Willie Vermeulen die afrigter van die middelafstande en landlopers het gewys dat hy weet wat hy doen toe hyself Noord-Transvaal verteenwoordig het en uit die 80 deelnemers 28ste gekom het. Baie geluk aan al hierdie persone.

JAN MARAIS.

TELEFOON: 2-0884
Tel. Ad.: GUNFIRE



POSBUS 102
310 KERKSTR.-OOS

GROENEVELD EN HICKS (EDMS.) BPK.

HANDELAARS IN WAPENS, AMMUNISIE EN VISGEREEDSKAP

IS VISVANG EN SKIET U LEWE?
KOM DAN NA GROENEVELD & HICKS (EDMS.) BPK. VIR DESKUNDIGE FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS TEN ALLE TYE.

- ONS SPESIALISEER IN:
- NUUTSTE GEWERE EN AMMUNISIE
 - VISGEREÏ VIR DIE KIESKEURIGE HENGELAAR
 - EN REPARASIES WAT DEUR DESKUNDIGES WAARGE-NEEM WORD.

AS U 'N BUITELUG MAN IS HOU ONS DAN IN GEDAGTE

MILLENIUM

Dié gesondheidwinkel vir vars plaashoenders en eiers, ongespuite groente, muesli-bestanddele, kruie, vitamines, verslankingsvoedsel ens.

Langs "Elsa's Koeksisters", in 13e Straat MENLOPARK.
Tel. 78-8282

TENNIS:

Admin. Beker bly waar hy hoort!


Op 7 September 1974 het daar langs die pad van die Afrikaanse Hoër Seunskool nog 'n baken van oorwinning verskyn. Met uithalerspel het ons tennisspan weer die Administrateursbeker verower en aan ons die titel van die beste tennisskool in Transvaal besorg.

Nadat ons met vlieënde vaandels deur die kwart en halfeindronde deurgedring het tot die finaal, moes Tienie Prinsloo, Affies se nommer een speler, na Amerika vertrek. Die span, Cuan Neethling, Philip Viljoen en Johan Kriek, moet egter nie te ver gesoek het vir 'n waardige spanmaat nie. Pieter Smit, nuweling-tennis-speler, is gekies om die vierde lid van Affies se span te vorm.

ons skoonskip gemaak somer vroeg die Saterdagoggend. Phillip Viljoen het met skoon stelle 6-2; 6-3 gewen. Johan het dieselfde gedoen en met 6-3; 6-5 gewen, asook Pieter wat met 6-2; 6-1 die wedstryd gewen het. Cuan Neethling het vir 'n spannende wedstryd teen Boksburg High se No. 1 speler gesorg. Die eerste stel het Cuan 6-3 gewen. In die tweede stel moes Cuan die onderspit delf met 5

lg. ons nommer 4 speler is, het die nommer 1 paar gevorm en hulle eweknie met 6-4; 6-5 geklop. Daarna het hulle met Boksburg se nommer 2 paar afgereken met 6-3; 6-5. Nou was die beker alreeds Affies s'n!

Ons tweede gekeurde span, Johan Kriek en Philip Viljoen, het die kroon op ons oorwinning geplaas deur Boksburg se twee dubbelpare in skoon stelle te verslaan. 'n Volskaalse oorwinning van 8-0! het dus aan ons die Administrateursbeker besorg. Dit is die eerste keer dat ons skool die prestasie behaal om 2 jaar agter-



Gewis die beste skool-tennispan in die land - Administrateursbeker wenners, N.T.V.L.-hoërskoolspan, S.A.-provinsiale kampioenspan! V.l.n.r. Phillip Viljoen, Pieter Smit, Tienie Prinsloo, Cuan Neethling en Johan Kriek.

In die finaal het Affies teen Boksburg High School te staan gekom. Cuan het as kaptein en Affies se No. 1 speler opgetree met Philip No. 2, en Johan No. 3, en Pieter No. 4. In die enkelspelle het

spelle teen 6. In die derde stel het Cuan hom opgespeel tot 4-0; dit het gelyk of Boksburg se speler die oorhand begin kry het toe die telling 5-3 was. Cuan het egter onverbiddelik vasgebyt en met 6-3 gewen.

Op hierdie stadium was die punte telling 4-0 in Affies se guns. Oorwinning het gelê in die beste uit 8 en dus nou nog 'n wedstryd die Administrateursbeker aan ons besorg. Cuan en Pieter, alhoewel

eenvolgens dié beker te verower.

Hierdie oorwinning toon die eksklusiewe diepte asook die geweldige hoë standaard van ons tennis. Die eer kom ook groten-deels ons entoesiastiese afrigters toe wat meëgehelp het aan hierdie noemenswaardige prestasie. Veels geluk aan Cuan, Philip, Johan en Pieter wat Affies se naam op tennisgebied hoog gehou het!

Driedrukspan haal nie die paal

AFFIES SE DRIE-DRUK span het die seisoen op 'n hoë noot begin. Hulle het Gerrit Maritz met elf drieë teenoor nul gewen. Daarna het hulle teen H.F. Verwoerd 'n baie spannende wedstryd gespeel en met drie drieë teenoor twee geseëvier. Die derde wedstryd is teen Erasmus Hoër gespeel; dié wedstryd is met ses drieë teenoor een gewen. Daardeur het hulle deurgedring tot die kwart-eindronde van die Kompetisie deur al hulle wedstryde in die A-afdeling te wen. Hulle het ook die meeste drieë in die afdeling gedruk. Die kwart-eindronde teen Oos-Moot is gewen met drie drieë teenoor twee. Die semi-finaal is Woensdag 4 September teen Pretoria-Wes gespeel maar hulle kon nie deurgedring na die eindronde teen C.R. Swart nie, en het met drie drieë teen een verloor.

Die span van Affies toon egter veel belofte veral as geneem word dat dit die eerste keer is dat die spelers as 'n span saamspeel. Hulle behoort volgende jaar goed te vaar in die Administrateursbekerreeks. Voorspoed!

OUD-AFFIES VERENIG OP RUGBYVELD

Dit was 'n geskiedkundige oomblik toe hierdie twee spanne onder spreiligte, op ons veld gedraf het, nl. die huidige eerste span en oud-skoliere span.

Die oud-skoliere se span het hoofsaaklik bestaan uit matriekleerlinge van 1972, alhoewel daar ook 'n paar van 1973 se matrieks in die span was.

Die wedstryd is teen 'n verbasende vinnige tempo gespeel. Die oud-Affies het merkbaar meer lyf aangesit vandat hulle skool verlaat het, en het 'n massa-voordeel bo ons eerstespan gehad. Alhoewel hulle nog niks van hulle vaardigheid ingeboet het nie, was dit duidelik dat die oud-Affies nie meer gewoon was om saam te speel nie.

Vanuit 'n toeskouer se oogpunt was dit 'n puik wedstryd. Die bal is rondgegooi, daar is baie gehardloop, en skitterende bewegings is gesien. Die huidige eerstespan was dan ietwat gelukkig om te wen met 10-7, na 'n twyfelagtige drie.

Na afloop van die wedstryd was daar 'n klein geselligheid in die ontvangslokaal. Die manne het heerlik gesels oor die "goeie ou dae" en almal wat dit eens dat hierdie wedstryd 'n goeie voorloper was vir die stigting van 'n oud-Affie Bond.

KOSPHUIS VERPLETTER BRITS

Aan die begin van die derde kwartaal het die tradisionele sportdag tussen die koshuise van Affies en Brits plaasgevind. Daar is op die rugbyveld en tennisbaan kragte gemeet.

Die Provinsiale "huis" Frank le Roux het reeds vroeg bymekaar gekom om te oefen. Na afloop van die eerste oefening het dit duidelik geblyk dat die manne se hantering en fiksheid in 'n chaotiese toestand was. Daarna het die manne weer moed geskep, alhoewel almal verwag het dat die takboere van Brits ons gaan verpletter. Intussen het die tennis-spelers ook goeie vordering gemaak.

Uiteindelik het 24 Augustus 1974 aangebreek! Dit was 'n koele-rige Saterdagoggend en die manne het somer vroeg aanmekaar gesprong. Mario Pretorius het die tweede span van die koshuis op die veld gelei. Aanvanklik het dit goed gegaan, maar na 'n paar misstappe, het Brits die voortou geneem en rusty was die telling dus 16-10. Die Affies het egter regge-ruk en die bulle van Brits oorrompel met 'n telling van 24 teenoor 16.

Die eerste span van die koshuis

het egter hewiger teenstand gehad. Tollie de Beer het die span spoggerig op die veld gelei, met Spitsie de Kock, die onderkaptein. Nadat die telling 3 elk was het Masjien Vyf (Gerrit Ockerse) in werking getree en met 'n hewige gebrul in derde rat gesorg dat 'n pragtige drie gedruk word, na 'n skrikwekkende stormloop. Die kroonskop het geslaag en die Affies het gewen met 'n telling van 9 teenoor 3.

Met die tennis het dit nét so goed gegaan. W. Nel en J. van Schalkwyk het hulle opponente maklik geklop en M. van der Nest en I. Duvenage het hulle maats se voorbeeld gevolg. Die resultaat was dat die Affies die oorwinning behaal het met 60 teenoor 8.

Die koshuis beoog nog 'n verdere paar kragmetings soos byvoorbeeld teen die Parkstraatse Handelskool of enige ander waardige opponent.

HEIN VAN ROOYEN.

IN DIE KOL!

Die skietspan van Affies het weer net soos in die verlede Affies se naam hoog gehou. Die manne wat nie aan hierdie sport deelneem nie, besef nie altyd hoe moeilik dit werklik is nie. In hierdie sport tel die kleinste dingetjies en alles moet in aanmerking geneem word. Elke skuts

Op die Kampioenskappe van Kommandement Noord-Transvaal het Affies puik presteer. Uit die 10 beste spanne in Noord-Transvaal was die senior span 3e met 1548 punte uit 1600 punte. Thomas Venter het hier puik geskiet en verower die 4e plek met 392 punte, 2 punte agter die



Ons puik skietspan besig om te oefen

kry 40 skote om te skiet, en die telling is uit 400. Om volpunte d.w.s. 400 punte te kry, moet die skuts al 40 skote in 'n kol met 'n deursnit van 10 mm. skiet op 'n afstand van 15 meter. 'n Haarbreedte verskil kan die verskil tussen wen of verloor maak!

As ons dus na ons eie skuts se tellings kyk sal ons die prestasie meer waardeer.

wenner. Voorwaar 'n uitmuntende prestasie! Baie geluk Thomas!

In die Junior Afeling het ons span 8e geëindig en Braam Celliers het 3e in die individuele kompetisie gekom met 389 punte, 5 punte agter die wenner. Ook 'n goeie prestasie. Geluk Braam! JAN MARAIS.

Vir kwaliteite sportbenodighede kom na

FRIKKIE UYS

SPORT en MANSUITRUSTERS
(Edms.) Bpk.

VIR DESKUNDIGE, FLINKE EN VRIENDELIKE
DIENS: KOM NA

BOET READ SPORT

VOLLEDIGE SPORTUITRUSTERS

TEL.: 3-1149
Pretorium-deurloop 11
PRETORIA